# *Die Onsigbare Vereniging Van Die Bruid Van Christus*

Ek het 'n jagtog gekanselleer, sodat ek diens kan bywoon vir die Here. So dis 'n . . . Ons is bly om hier te wees. Ek glo, die laaste keer hier, het ek julle gesê: elke keer wat ons kom, is daar iemand wat ontbreek. En as ons volgende jaar sal terugkom, as die Here vertoef, sal daar iemand ontbreek.

2 Een was baie, baie naby aan my in hart, gees. Dit was Broer Lyle. Ek het altyd 'n verwelkoming gehad, ingekom, daaragter gestaan en geluister, in Broer Jack se studeerkamer, na die ou kwartet wat sing. Hulle sing in Heerlikheid, vanaand. Wel, daar's een van daardie stemme alreeds Daar oorkant, wat vir die ander drie wag. Ek reken ek sal dit nooit weer hier op aarde hoor nie. Maar ek sien beslis daarna uit om dit weer te hoor, Broer, Suster Moore hier, in daardie Land waar hulle sal . . . dit nooit uitgedoof sal word nie.

3 Broer Palmer was 'n groot dienaar van Christus. Ek kan onthou hoe Broer Jack my vertel het van sy—sy toegewyde lewe aan God. Hulle was skrynwerkers, saam. En gesê hy sou sy—sy middagete eet, sy toebroodjie in sy hand hê, 'n toebroodjie eet en sy Bybel lees. Sien? Hy het 'n paar baie groot dinge gedoen, het Broer Palmer. Hy's 'n goeie skrynwerker, 'n goeie vader vir sy kinders, 'n pragtige familie. Hy het hulle almal grootgemaak om die Here te dien. Sover ek weet, is hulle almal gered en gevul met die Heilig Gees. En dis 'n groot bydrae aan enige man in hierdie dae, seuns en meisies. Maar, sien, alles wat hy ooit gedoen het sal nie te veel tel tot die diens van God nie, as hy nie God gedien het nie. En vanaand, wat hy hier op aarde gedoen het, sy goeie dade, hy het gegaan na sy beloning, om met hulle te wees. God laat die siel van ons broer rus.

4 Ek weet, solank as wat hierdie 'n tabernakel hier is, en ek—ek weet hy sal . . . sy stem sal steeds hier wees. Jy kan dit hoor. Suster Anna Jeanne en—en haar suster, wat die orrel en klavier speel, hoe hulle nooit hoef te gewag het nie. Broer Palmer wat net hier gestaan het en hy sou net die lied optel, voortgaan. Hulle sou dit vang. En ek het nooit . . . Ek het uitgesien daarna om hom die sang te hoor lei.

5 Aan sy kinders; aan sy vrou; en aan Broer Jack, sy boesemvriend, hulle was vriende vir al hierdie jare; en Broer Brown, Suster Brown, julle hele tabernakel: God seën julle. Ek mis hom, ook. God laat sy dapper siel rus, totdat ons hom in vrede ontmoet.

Laat ons ons hoof buig.

6 Genadige Hemelse Vader, net aan die praat oor hierdie groot dienaar, ek het hom gemis vanaand, dat hy my hande skud, en daardie skelm glimlaggie wat hy altyd gehad het wanneer hy gesê het: "God seën jou, Broer Branham," wanneer hy by die deur sou instap. Ek weet hy kom op na U Huis vanaand. So ek bid dierbare God, dat U die vrugte, sy werke wat hom volg, groot sal laat wees, sal laat voortgaan met sy kinders, sy vrou. Ons bid dat U haar sal seën, Here. U het gesê U sou 'n man wees aan "die weduwees wat werklik weduwees was." Ek bid vir ons Suster Palmer en al die kinders. Ek weet hoe om met albei te simpatiseer, deur 'n metgesel te verloor en ook my vader te verloor.

7 So, Vader, terwyl ons hier is, vanaand, bid ons dat U ons harte sal voorberei, ook, vir daardie uur. Ons weet nie. Dit mag so skielik kom soos syne het. Ons weet nie wanneer dit sal kom nie, maar ons weet dit moet kom. So ons bid, God, dat U elke hart sal deursoek wat hierbinne is, vanaand. God, moenie myne uitlaat nie. Deursoek myne, ook, en beproef my. Here, as daar enige boosheid in ons is, neem dit uit. Ons wil U dien. Dis ons volle doelwit, is om U te dien.

8 Stort U Gees oor ons uit, vanaand, en die res van hierdie week. Seën hierdie tabernakel met die naam van die Life Tabernakel. Mag dit volle seëninge ontvang van daardie naam en vol wees van die Lewe van God, hierdie week, om elke verlore siel te red, om elke gelowige met die Heilige Gees te vul, en die hoop te hernu wat in ons is, Here, weer. Ons bid dat U ook al die siekes en die beproefdes sal genees wat onder ons kom. Mag U groot Heilige Gees hier wees, Here, en net genees. En salf elkeen om te glo. Skenk hierdie dinge, Vader.

9 God, help my nou. As dit is, my beurt is om die Boodskap te bring. Ek bid, God, dat U net die mens-deel opsy sal laat staan. Mag die Heilige Gees inkom en oor ons beweeg, Here. Mag die Heilige Gees die diens neem, Here. Ons weet dat ons so ontoereikend is. Ons kan dit nie doen nie, geeneen van ons nie. Ons maak nie aanspraak om in staat te wees om dit te doen nie. Maar, Here, ons weet dat U die Een is. So ons kyk na U, Here. Beweeg, Gees van God, en val vars op ons. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

10 Nou wil ek groete aanstuur met die ry af, na die kerk nou wat verbind is oor die staat. Ons is op die telefoon verbinding, wat 'n goeie stelseltjie is wat ons in staat was om te kry, deur ons Broer Pearry Green, van Beaumont, Texas. En die kerke, heeltemal, wat die Boodskap volg, al die pad oor die Verenigde State, is verbind, vanaand. Ons stuur groete, op-en-af met die Weskus, al die pad van Vancouver af na Tijuana, Mexiko, deur San Jose, Los Angeles. Al die groepe daar oorkant in, ons groet julle van Shreveport. Ook, al die pad na Prescott, Arizona, na

die groep daarbo wat wag op die Here, ons stuur groete aan julle, en aan Tucson, ook Sierra Vista. Al die pad na New York, op-en-af, oor die volk, die Here seën julle, elkeen. Wens julle was hier, vanaand, hierdie pragtige ou staat van Louisiana, waar dit blyk soos 'n tweede tuiste, vir my. Ek . . .

11 Julle weet, julle mense bo in New York, julle lag almal soort van 'n bietjie by julself, die manier wat julle praat. Ek is net tuis vanaand. Ja. Almal hieronder, julle weet, hulle sê: "Hallo, daar, Broer Branham. Bring jy Suster Branham en al die kleintjies en kom oor om ons te sien." O, goeiste! Dit laat my goed voel. Dis ware Engels, vir my. Nie om julle mense in die ooste en die noorde, en verskillende plekke, te minag nie. Maar, julle weet, ek reken ek was net 'n ou Rep' gebore en moet so bly. Ek—ek hou soort van daarvan, self. Dis ware Engels.

12 Ek was by 'n Sakemanne se ontbyt, hier nie lank gelede nie, en hulle het gesê: "Ons sal nou staan en die volkslied sing." En ek het opgestaan, gesê: "Aan my ou Kentucky tuiste, ver van hier." Wel, vir my, was dit die volkslied, al wat ek daarvan geweet het. So, ons stuur vir julle groete. Nou aan die . . .

13 Ek glo hulle gaan probeer om die ontbyt uit te saai, ook, die Sakemanne se ontbyt, Saterdagoggend. Broer Green sal julle sê, terwyl hy nou daarbuite by die mikrofone is. So hy sal vir julle sê watter tyd die ontbyt begin, en watter tyd, elke aand, om in te skakel. Ons bedank julle opreg. Bid vir ons.

14 Nou, aan die plaaslike gemeente hier, en Broer Jack se tabernakel, ek gaan net vir julle 'n guns vra, vanaand. Siende dat ek my Dankseggingsboodskap oor die—die volk sou gee, vanaand, aan ons plaaslike kerke wat die Boodskap volg. Hiermee, mag ek—ek 'n bietjie lank wees. En dan, weer, mag ek 'n bietjie Doktriene preek. So, indien so, en julle stem nie Daarmee saam nie . . .

15 Net soos ek altyd gesê het van kersiepastei eet, wanneer ek 'n pit tref. Ek gooi nie die pastei weg nie. Ek gooi die pit weg, hou net aan pastei eet.

16 So as ek miskien iets vanaand noem, ek . . . Wel, dis een rede waarom ek hierdie uitnodiging aangeneem het, vanaand, om hier te wees, om my Dankseggingsboodskap te bring aan die groepe oor die land, was omdat Broer Jack altyd so vrylik sy deur oopmaak en sê: "Preek wat op jou hart is." So ek voel baie tuis.

17 So dit mag wees dat hierin, in die plaaslike gemeente hier by Broer Jack, daar predikers mag wees en party mense wat sou verskil van Doktriene. Gewoonlik het ek die hoflikheid om nie doktriene te noem in 'n man se preekstoel, wat my uitgenooi het om vir hom te kom preek nie. So, na vanaand, veronderstel ek ek sal net bid vir die siekes en die gewone diens doen. Maar ek het gedink ek sou julle voor die tyd laat

weet, dat as iets wat ek sê waarmee julle mag verskil, wel, skryf dit maar net toe aan my onkunde, reken ek, en weet nie beter nie. En bid vir my.

18 So nou laat ons blaai in die Woord, na ’n hoofstuk hier. Ek wil graag verwys na baie plekke vanaand, want ek het verskeie Skrifte en notatjies hier uitgeskryf op ’n blok.

19 Ek onthou die eerste keer wat ek op die platvorm van Life Tabernakel geklim het, twintig jaar gelede. Ek—ek hoef nie my Skrif en verwysings neer te geskryf het nie. Ek was toe net twintig jaar jonger. Maar nou is ek klaar verby vyf-en-twintig, so ek. . . die tweede keer. So ek het. . . kan dit nie onthou soos ek altyd het nie. Ek moet my Skrifte neerskryf, en partymaal so-iets neerskryf waarna ek wil verwys.

20 En nou seën die Here ons soos ons uit God se Woord lees, en die Boek van Romeine, die 7de hoofstuk. Nou, ek wil hierdie soort van onderrig soos ’n Sondagskoolles.

21 Ek weet daar’s mense wat staan. En by die tabernakel, gewoonlik, by Jeffersonville, ons wil julle almal groet, vanaand, ook, in die wete dat julle verbind is daar by die tabernakel. En lyk soos by die tabernakel, vanaand, as julle daaronder was, die mense om die mure, en oorstroom. Nou, ek veronderstel julle is ook so, al die mense wat bo in daardie deel van die land is, wat inkom vir die Boodskap.

22 Nou ons gaan hierdie gebruik soos ’n Sondagskoolles. En dis nie gerig aan enigiets, enige sekere persone, of enigiets nie; net aan die Kerk, die Liggaam van Christus wat ons probeer lei na dieper gedagtes en hoër doelwitte, in die geloof dat die Koms van die Here Jesus op hande is. Ons glo dit. Te meer, dis twintig jaar nader as wat dit was die eerste keer dat ek na Shreveport gekom het. O, soveel het gebeur van daardie tyd af! Nou sien ons uit na die Koms van die Here, in ons geslag. Ek soek nie na ’n herlewing in ons geslag nie. Ek soek na die Koms van die Here, in ons geslag.

23 Nou in Romeine 7. In die vertroue dat julle julle Bybels oop het, oral nou, oor die land. Ons wil nou aandagtig lees. Hierdie—hierdie Boodskap hieruit, dit lyk asof dit oor troue en egskeiding gaan, maar dit is eintlik nie. Vir my, is dit ’n profesie vir die Kerk in die laaste dag. Laat ons lees.

> *Of weet julle nie, broers — want ek spreek met mense wat die wet ken — dat die wet oor die mens heers solank as hy lewe nie?*
>
> *Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe is sy ontslae van die wet van die man.*
>
> *Daarom dan, as sy ’n ander man s’n word terwyl haar man lewe, sal sy ’n egbreukster genoem word; maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie ’n egbreukster is as sy ’n ander man s’n word nie.*

> *So, my broers, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus, om aan 'n ander* verbind *te word of aan 'n ander te behoort naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra.*
>
> *Want toe ons in die vlees was, het*. . . sonde *hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra.*
>
> *Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons verbonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die gees en nie in die oudheid van die letter nie.*

24 En nou laat ons bid.

25 Dierbare God, ons het pas gelees wat ons glo die heilige Woord van God is. En dis wat ons glo, dat nie een jota of een tittel op enige manier sal vergaan Hieruit totdat alles vervul is nie. En ons glo dat ons Here ons gesê het, in Openbaringe die 22ste hoofstuk, dat: "Wie ook al een Woord Daaruit sal wegneem, of een woord Daarby sal voeg, dieselfde, sy deel, weggeneem sal word uit die Boek van die Lewe."

26 En ons sien dat, deur wanvoorstelling van hierdie Woord, soos Satan Dit wanvoorgestel het aan Eva, haar een Woord laat betwyfel het, die hele menslike ras in 'n gevalle chaos laat beland het. Net een Woord!

27 Dan sien ons in die middel van die Boek, het ons Here en Verlosser gekom, en Hy het ons hierdie aanhaling Daaroor gegee. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan."

28 Dan die ernstige waarskuwing in die laaste Boek, van die Openbaring van Jesus Christus: "Wie ook al 'n woord sal byvoeg of 'n Woord sal wegneem, sy deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe."

29 O God, in die wete, siende hoe broos ons is, te weet dat ons op die bros draadjies van die lewe loop, van hierdie sterflike lewe, onbekend watter tyd dat ons geroep gaan word om Omhoog te antwoord. Laat ons, O Here, alles ter syde stel in ons hart, alles in ons verstand, en reguit kyk na U Woord, Here, vanaand, en na U om te kom en Dit te interpreteer met lewende Godspraak. Skenk dit.

30 Mag U Gees op ons val en die Woord salf aan ons hart, dat ons hiervandaan mag gaan, vanaand, beter mense as wat ons nou is, dat ons 'n nader insig op Jesus Christus mag hê. Skenk dit, Here, dat ons die dag mag verstaan waarin ons lewe, en die voorbereiding van God vir Sy mense in hierdie uur; hierdie groot, kritieke, donker tyd waarin ons nou lewe. God, salf dit, nie alleen spreker nie, maar aanhoorder. En, saam, laat ons

harte bewe voor U Woord. "Want die vrees van God is die begin van wysheid." Skenk hierdie dinge, Vader, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

31 Ek wil graag hierdie paar opmerkings betitel wat ek hier so maak, en 'n paar Skrifte wat ek graag kort daarop wil laat volg, as die Here wil, aan die—die Dankseggingsboodskap, aan die onsigbare, van: *Die Onsigbare Vereniging Van Die Bruid Van Christus*. *Die Onsigbare Vereniging Van Die Bruid Van Christus*. Klink nie soos 'n Dankseggingsboodskap nie. Hoewel, enige Skrif, ons dankbaar is vir alles Daarvan.

32 Ek is dankbaar teenoor God, om in hierdie tyd te lewe, van die sluitingstonele van hierdie wêreld se geskiedenis. Ek weet nie. As ek die sê gehad het voor die grondlegging van die wêreld, en die God sou die hele program voor my uitlê, en vir my sê: "Ek—Ek wil hê jy moet preek. En nou watter eeu begeer jy, om na die aarde te gaan om te preek?" Ek sou hierdie eeu gekies het, want ek dink hierdie is die goue eeu.

33 Ek sou beslis daarvan gehou het om hier te wees gedurende die tyd van Sy besoek na die aarde. Maar, steeds, ek dink hierdie net nou is 'n groter tyd, want dis 'n tyd wat Hy kom om die mense te neem wat Hy verlos het, die opstanding nader wanneer al die verlostes sal voortkom. Wat 'n heerlike geleentheid het ons, om met sterwende mense te praat, groot tyd! Ons is opgewonde daaroor.

34 En ons weet dat geskiedenis afsluit. Die wêreld se geskiedenis sal binnekort verby wees, dan gaan ons in 'n nuwe dag instap, na die groot Millennium. Daardie, as een gelowige, ek glo in die...in 'n Millennium, 'n Millennium heerskappy saam met Christus, 'n duisend jare op die aarde; die fisiese terugkeer van die Here Jesus, om fisiese mense te neem, verheerlik, deur Sy reinigende Bloed.

35 Paulus gee hier 'n illustrasie, in ons Skrif, van die wet en genade, en illustreer dit soos troue en egskeiding. Hierdie gedeelte word baie selde oor gepreek, want dis, min of meer, handel oor, soos, troue en egskeiding. Maar dit handel ook oor 'n groter deel van troue en egskeiding, van hoe hy probeer in orde plaas hier dat ons, as 'n—as 'n Kerk, nie meer getroud kan wees met die wêreld en met Christus, op dieselfde tyd nie, en—en wettig en wetlik daaroor te wees nie, as wat dit kan wees vir 'n vrou om te lewe saam met 'n man terwyl sy 'n lewende man het. Ek het my eie gedagtes daaroor, en ek glo dat wat die Bybel sê, die Waarheid is.

36 Nou, maar ek glo, ook, is volgens my geloof, dat dit een van die groot verborgenhede van profesie ontvou. En ek hoop dat die Here ons sal help, vanaand, soos ons hierdie gee aan ons wagtende mense oor die land.

37 Soos dit gesê is, eenkeer. Ek het gelees, toe ek die nota hiervoor geskryf het, ek—ek kan net nie presies die boek onthou waarin dit is nie. Maar ek—ek is seker hierdie is reg, dat, een van die boeke wat ek gelees het oor Mnr. Moody, Dwight Moody, in Chicago. Ons het 'n groot kerk wat luister in Chicago, ook, vanaand. Dat, Mnr. Moody, na die lees van Romeine 7, in die straat ingehardloop het, en die eerste man wat hy ontmoet het, het hy vir hom gesê: "Ken jy genade?"

En die man het geantwoord: "Genade wie?"

Mnr. Moody het gesê: "Die genade van God."

38 So, dit het hom so bly gemaak toe hy dit sien, hoe genade ons geskei het van die wet, en hoe, dat watter rol genade gespeel het. Wel, nou, enigiets wat ek wil doen, is wanneer. . . Ek het die mense altyd gesê, wanneer ek die lyn oorsteek, aan die ander Kant, sou ek graag wou opstaan en sing.

> Onuitspreeklike genade! Hoe soet die klank,
> Wat 'n ellendeling soos ek gered het!
> Genade, kosbare genade!
> Om meer genade te ken!

39 "Want deur genade is ons gered; nie deur wat ons kan doen nie." Wat ons kan, wat ook al ons doen, word ons nie toegereken nie. Genade is wat ons red. "Deur genade word julle gered, deur geloof."

40 Mag ek dit byvoeg by hierdie Vrou, Genade. Mag ek Haar in die Bybel plaas, ook, word genoem die uitverkore Dame, hierdie Mejuffrou Genade waarvan ek gaan praat. Weet, die Bybel verklaar, het gesê: "Aan die uitverkore Dame." Daardie, as julle oplet: "uitverkore" kom van die woord "uitverkore Dame." Een Dame, onder al die ander dames, is uitverkies.

41 Soos, die maagd die liggaam van God moes voortbring, op die aarde. Sy was 'n uitverkore vrou. God het Maria gekies.

42 En ook, God het 'n uitverkore Dame gekies, wat Sy Bruid is. Sy is uitverkore. Ek hoop ons is lidmate daarvan, vanaand, oor die wêreld, oor die volk, liewer.

43 Die illustrasie hier, wat die verhouding van die Bruid tot Christus wys, die uitverkore Dame: en hoedat Sy gebring moes word na Hom; waar Sy vandaan sou kom; en hoedat Sy na Hom gebring sou word. Die Kerk hier, in illustrasie wat ons in sig het, word geïllustreer deur 'n vrou. Wat, 'n vrou is altyd 'n tipe van die Kerk, want die Kerk word as 'n Bruid geag. 'n Bruid, Sy is die Bruid van die Here Jesus, die Seun van God.

44 Altyd, as julle dophou, hou die toestande dop en die optrede van vroue, en julle sal sien waar die kerk is.

45 Nou, hierdie, party van hierdie opmerkings mag vreemd blyk vir party van julle, maar dis aanvullend tot die Boodskap wat ek

van die Here het, wat ek by die mense probeer kry. Hierdie. . . Julle hou alles in die natuurlike dop, hoe dit gebeur, natuur, en hou dit dop. Dit loop reguit saam met die geestelike, ook.

46 Nou, as julle die gedrag van vroue in die wêreld sien vandag, hou die gedrag van die wêreldse kerk vandag dop. Hou net dop. Natuurlik, nou, daar is ook die gedrag van die geestelike Bruid, die Kerk. Sien? Hou Dit ook dop. [Leë kol op band—Red.] Want, die sogenaamde natuurlike, maak aanspraak om Bruid te wees.

47 Nou, laat my asseblief weer sê aan die plaaslike gemeente. Moenie nou sleg voel nie. Ek—ek praat met almal buite oor die land, aan die, wat ek dink, die uitverkore Dame. So as daar dalk predikers hierbinne is, wat nie saamstem nie, wel, bly net stil vir 'n tydjie. Sien? Let op. Luister net.

48 Let op na hierdie karakter. As julle vroue net op die oorlogspad sien gaan, net enigiets doen wat hulle wil, hou dop, die kerk doen dieselfde ding. Let op.

49 Maar hou dop wanneer, die geestelike Bruid, wanneer Sy 'n herlewing begin kry, wanneer Sy begin terugkom en Haarself oplyn met die Woord van God. Hou dan weer dop, julle sien, hoedat die Skrifte, op daardie tyd, Daar 'n Boodskap sal uittrek om daardie Bruid te vang, daardie Vrou te vang, Uitverkorene.

50 Want, soos die wêreld, Satan, die bedrieër wat die eerste bruid bedrieg het, om teen die God te sondig, deur Sy Woord nie te glo nie.

51 En nou, vandag, soos ons die natuurlike kerk sien, in julle intellektuele evangelie, wat verder en verder weggaan van die Woord, in sosiale evangelie in; vind ons dat die vroue van die wêreld, op die strate, lidmate daarvan, hulleself gedra in dieselfde atmosfeer. Jy kan hulle nie sê nie. Hulle het alle sin vir gewone ordentlikheid verloor, het die mense. Sien? En dis hoe die kerk het. En julle kan dit reguit na die ekumeniese raad sien gaan, net so seker as enigiets in die wêreld, en reg in Rome in so hard as wat dit kan gaan, sien, want dis geprofeteer. En daar is sy. Dis haar gedrag.

52 Maar hou dan weer dop na die geestelike Kerk, hoe daardie groep mense, uitgeroep, die Uitverkorenes, deur elke herlewing. In Martin Luther, het dit dieselfde manier gebeur in die hervorming. Dit het dieselfde ding gebeur in die tyd van John Wesley. Dit het dieselfde ding gebeur toe Pinkster eers begin het. Hulle het daardie vroue reg terug in lyn met die Woord laat val, en dan dryf hulle weg. Daar gaan sy weer reguit oor in chaos in. Maar dan die tyd dat die mense gereed is om op te lyn, kom daar 'n Boodskap voort, en dan lyn hulle op Daarmee.

53 Luther was die boodskapper van een dag, van regverdigmaking, en die Kerk het reg daarmee saam opgelyn, party van hulle. Die res van hulle het voortgegaan. Wesley het

gekom met heiligmaking, die Kerk het reguit opgelyn daarmee saam. Pinkster het gekom met die herstel van die gawes, die Kerk het reg opgelyn daarmee saam, die Uitverkorenes van daardie dag; en toe weggesterf, reguit weer teruggegaan in denominasionalisme en reguit uitgegaan met die res van hulle, almal van hulle reg met die lyn af.

54 Nou, maar julle let op, toe die mense begin probeer oplyn met die Woord, het daar 'n vars Boodskap van die Woord van God gekom, net reguit na die mense. En hulle snap daardie Boodskap en lyn op, elke keer. Dis net in God se . . . Ons het dit.

55 Ons het families. Elke familie hierbinne is gewoond daaraan. Partymaal sal alles goed verloop vir julle, vir jare. Dan, meteens, tref jy 'n tyd, ons sê dit baiekeer in die Suide hier: "Wanneer dit reën, stort dit," en alles gaan verkeerd. Jy gaan deur 'n nagtyd. Dan is daar 'n dagbreek, dan 'n nagtyd. Alles verloop in aaneenlopendheid.

56 Die profeet, Paulus, sê hier dat 'n vrou nie kan hertrou totdat haar eerste man dood is nie. Sy kan nie hertrou solank as wat haar eerste man lewe nie; sy, onder geen omstandighede nie, glad nie. Sy moet alleen bly solank as wat haar eerste man lewe. En as sy so 'n sonde sou doen: "sal sy 'n egbreukster genoem word." Ek praat nou van die natuurlike, om dit met die geestelike te tipeer. As hierdie vrou so 'n sonde sou begaan, dan word sy gemerk: "'n egbreukster," as sy twee lewende mans op dieselfde tyd het. Daarom, het sy verloor, deur dit te doen, haar regte tot God en die Hemel, deur dit te doen. Sy het sekerlik. Sy is 'n uitgeworpene uit die ekonomie van God, volgens die Skrifte wat ek pas gelees het.

57 So is die kerk, wanneer sy geloofsbelydenisse en denominasie probeer meng met die Woord van God. Sy kan nie getroud wees met 'n denominasie, en die Bruid van Christus wees, op dieselfde tyd nie. Sy moet dood wees vir een of die ander. Die wet sê so, hier. Daar is heelwat wette in God se Woord. En dis Sy wet, Paulus wat dieselfde ding hier sê. Sy kan nie getroud wees met 'n kerk van wêreldse geloofsbelydenis, en die Bruid van Christus wees nie, want (sy) een is teenstrydig met die ander. Nou, onthou.

Sê: "Wel, ons glo *hierdie*, maar ons glo nie *daardie* nie."

58 As jy getroud is met Christus, Christus is die Woord van God. In Johannes, die 1ste hoofstuk, gesê: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En dieselfde het vlees geword en onder ons gewandel." Christus was die lewende Woord. Hy was altyd die Woord. Hy is steeds die Woord. Hy sal altyd die Woord wees. Hy was net die manifestasie van die eienskappe van God, want Hy was die Seun van God.

59 En enige seun is die eienskappe van sy vader, en net soos jy in die gene van jou vader was, in die liggaam van jou vader toe hy ’n jong seun was. Jy was in hom. Tog, hy kon nie gemeenskap met jou hê nie, want hy het jou nie geken nie. Maar toe, deur die beddinggrond van ’n moeder, is jy voortgebring in die aarde, en na die beeld van jou vader gekom, toe kon hy gemeenskap met jou hê.

60 En so was julle, seuns van God en dogters van God, voor daar selfs ’n maan, sterre, of ’n molekuul was. Julle was seuns en dogters van God, want julle is slegs die fisiese manifestasie van die eienskappe wat in God was aan die begin. Want, daar’s net een vorm van Ewige Lewe, en dit was julle, tevore. Julle weet niks daarvan nie. Ook weet julle nie toe julle in julle aardse vader was nie, maar julle is gemanifesteer, ook, na sy beeld. Na die beeld van God is julle gemaak, en julle is gemanifesteer vir die heerlikheid en gemeenskap van God.

61 En, daarom, so seker as wat jou geen in jou vader moes wees, voor jou natuurlike geboorte, moes jou geestelike geen in God wees, omdat jy ’n uitdrukking van die eienskappe van Sy gedagtes is, voor die grondlegging van die wêreld. Reg. Kan nie daarby verby kom nie. Dis reg. Nou, nou let ons op, dan, daardie Lewe wat in jou is, God se Lewe wat in jou is, van die grondlegging van die wêreld af.

62 Nou, nou, jy kan nie denominasionele geloofsbelydenis met die Woord meng nie, want hulle is te teenstrydig, een met die ander.

63 Dis presies wat Satan probeer doen het met sy intellektuele begrip aan Eva. Hy het gesê hy het erken dat God dit gesê het, maar hy het gesê: “Sekerlik, sal jy nie sterf nie.” Sien? En hulle glo dit.

64 En dis wat geloofsbelydenis gedoen het, vanaand. Denominasie het die mense geskei van die Woord van God. Het Jesus nie gesê, toe Hy gekom het: “Julle, deur julle tradisie, het die Gebooie van God nutteloos gemaak vir die mense,” nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] En deur ons geloofsbelydenis, het ons die gemeenskap van die Heilige Gees om die Woord van God te salf wat uitgemeet is vir hierdie geslag ontbind. Ons het die mense so geskei, deur denominasie, dat hulle nie ’n kans kan hê om Dit te sien nie.

65 Nou, God, Hy, elke geslag, voeg Hy ’n nuwe deel van Sy Boek by. Dit gaan alles saam.

66 Soos my liggaam gebou is. Daar word vir my vertel dit het begin in die ruggraat, maar dit was nie alles ruggraat nie. Dit het van daar af gegaan na ribbe, en van longe af, en na hande, en arms, en voete, ensovoorts, en dit het uitgekom om die persoon te wees wat ek is.

67 En so was God gemanifesteer in die begin. En uiteindelik het Hy verskyn as Jehova, God die Vader. Toe het Hy verskyn as God die Seun, in Jesus Christus. Nou het Hy verskyn as God, die Heilige Gees. Dieselfde God, die heeltyd, drie manifestasies van dieselfde—selfde God.

68 Nou, ons vind hierin, dat, elke geslag, God Sy Woord toebedeel het van die begin af.

69 Net soos evolusie gekom het. Net soos eerste ding wat God geskep het, waarskynlik, was. . . Laat ons sê Hy het botaniese lewe geskep, eerste. Toe het Hy diere lewe geskep, volgende. Toe het Hy menslike lewe geskep, volgende. Soort van 'n evolusie, wat hoër styg.

70 So was dit in God en Sy Kerk. Regverdigmaking onder Luther. Heilig-. . . Dis nou om Sy Bruid uit te trek. Hy skep Sy Bruid. Regverdigmaking onder Luther; heiligmaking onder Wesley; ensovoorts, julle sien. Hy, die evolusie van die Gees wat meer en meer gegee word, want die Liggaam bou, kom tot by die Hoof, wat Christus is, die Liggaam van Christus.

71 Nou, Sy, as 'n vrou, as Sy getroud is met Christus die Woord, kan Sy nie getroud wees met 'n kerkdenominasie op dieselfde tyd nie, want Sy's gebind daardeur. Sy sal. . . kan nie saam met altwee mans op dieselfde tyd lewe nie. Hulle's teenstrydig, een met die ander. Een is God-gestuur, die ander een is mens-gemaak, so hulle is teenstrydig. Gesê: "Laat elke mens se woord 'n leuen wees; Myne die Waarheid wees." God het dit gesê.

72 Net soveel teenstrydig met mekaar, as wet teenoor genade was, soos Paulus hier van gepraat het. Een moet dood wees, om die ander te hê. "En as sy hulle probeer vermeng, sal sy 'n egbreukster genoem word." O! Dink daaraan. New York, Arizona, oor die volk, dink daaraan. God het gesê: "As sy probeer het om met altwee op dieselfde tyd te trou, sal sy 'n egbreukster genoem word." Watter egbreukster kan in die Hemel ingaan? Sou God met 'n egbreukster trou? Beslis nie. Hy het vir ons gevra om dit nie te doen nie. "Sy sal 'n egbreukster genoem word."

73 Dan, haar kinders, as sy 'n egbreukster is, is haar kinders buite-egtelik. Buite-egtelik! Buite-egtelik teenoor wat? Nie teenoor die kerk nie, maar teen die Woord. Sy is buite-egtelik. Wat 'n prentjie van hierdie Openbaringe 3 hier, van die laaste—dag, Laodicése kerkeeu! Wat 'n buite-egtelike groep! Wat 'n denominasionele vermenging! Louwarm, gaan voort en noem hulleself Christene, en ontken die Woord van God: "Besit 'n vorm van godsaligheid, maar ontken die krag daarvan," soos die profeet gesê het hulle sou wees.

74 Troue is die oudste instelling in die wêreld. Troue was eerste gedoen, en ingestel, in die tuin van Eden.

75 'n Vrou is toevertrou met sekere karakters wat sy nie moet onteer nie. 'n Vrou word daarmee vertrou. Daar's nie 'n skepsel

op aarde soos ’n vrou nie. Daar’s geen vroulike hond, daar’s geen vroulike van enige soort, toevertrou met die karakter waarmee ’n vrou is nie.

76 ’n Vrou was nie eens in die—die begin van die skepping nie, want God het geweet dat sy sou val. Alle ander vroulikes kon nie egbreuk pleeg nie. Sy’s die enigste een wat egbreuk kan pleeg. As sy gemaak is soos die oorspronklike, sou dit nie komplimentêr tot God se groot wysheid gewees het nie. Sien? Sy was ’n by-produk gemaak van ’n man.

77 Maar omdat sy oorkant gegooi is in daardie kant, is sy ook ’n heilige opdrag gegee van God, vir verlossing. Sy het karakters wat sy nie moet onteer nie.

78 As sy hulle sou skend, is sy lewenslank onteer. Maak nie saak hoeveel sy vergewe is nie, sy kan nie geregverdig word nie. Ek sal dit binnekort tref. Het ’n Skrif daaroor, binne ’n paar minute. Sy kan vergewe word vir haar ontering, maar sy kan nie geregverdig word in hierdie lewe nie. Dit is altyd by haar. Let nou op. Sy word hierdie gegee. Sy mag vergewe word, maar nie geregverdig nie.

79 Haar liggaam is aan haar gegee, ’n heilige pand van God. Geen vroulike hond, geen voël, geen ander dier, geen ander skepsel soos daardie nie. Nee. Sy’s die enigste een. Daardeur, is sy . . . Die rede waarom dit so heilig is, sy moet lewe in die aarde inbring. Haar liggaam is die beddinggrond van lewe, daarom is dit die rede waarom sy hierdie heilige pand gegee word.

80 Nou hier is waar julle mag verskil, baie, julle teoloë. Dis wat die hele menslike ras onteer het, is daardie egbreukery aan die begin. Haar beddinggrond is geskend. Sy het daardie tweeling voortgebring, Kain en Abel. Een daad, twee kinders. Deursoek die Skrifte. Uh-huh.

81 Let nou op. Ons vind dat haar liggaam die beddinggronde is, en daarom is dit ’n heilige pand, om dit nie te onteer nie. Nou, ek praat nou, bring hierdie na ’n illustrasie, om te wys waar die Kerk staan. Ek praat nie van julle vroue nie. Wat julle ook al is, dis tussen julle en God, of julle mans. Maar ek praat van die Kerk en Christus.

82 Nou, dit is sy gegee, om lewe voort te bring wat net God Self kan gee. Haar man mag die kiemdraer wees, maar God moet die lewe voortbring. Dis reg. Dit moet kom. Alle lewe moet van God af kom. Alle lewe moet van God af kom. Dis verdraaid, en dis wat dit sondig maak, maar lewe moet van God af kom. Hy’s die outeur van lewe. Nou sy het ’n heil- . . . een . . .

83 Ek wil drie dinge hier noem waarvan sy nie moet wegkom nie. Nou, ek praat, hou die Kerk in gedagte terwyl ek hierdie sê aan die natuurlike vrou, soos Paulus hier doen, in die 7de hoofstuk van Romeine.

84 Sy het 'n heilige pand van deug, toevertrou aan haar deur haar Here, 'n sekere deug. Niks anders hou dit behalwe 'n vrou nie. Reg. Dit is toevertrou aan haar deur God. Sy moet nie daardie deug onteer nie.

85 En as sy selfs iets verkeerd doen, moet sy dit bely teenoor haar man voordat hy haar neem, en dit regmaak. Dieselfde as die kerk wat getroud was aan die wet, ook voor Christus moet kom, voor die tweede troue. Sy moet dit bely. As sy dit nie doen nie, en sy lewe saam met haar man vir tien jaar en dit dan bely, het hy 'n reg om haar opsy te sit en met 'n ander vrou te trou. Dis die Skrif. Hoerery is onrein lewe.

86 "Josef, wees nie bevrees, om Maria jou vrou by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees." Hy was van plan om haar in die geheim te skei, sien, nadat hy alreeds verloof was aan haar. Wanneer jy verloof is aan haar, sover dit God betref, is jy met haar getroud.

87 Let nou op. Sy het 'n heilige pand van deug wat vir haar gegee is, toevertrou aan haar deur die Here. God het vir haar daardie deug gegee. Net soos dit in die tuin van Eden was, kan sy "ja" of "nee" sê. Sy het 'n heilige pand van vroulikheid aan haar toevertrou, wat sy nie moet breek nie. Die vroulikheid waarvan ek hier praat, is haar gedrag, haar karakter by mans. Nie enige man laat . . .

88 Kyk na hierdie skerms en sien hierdie filmsterre wat soen, en omhels, en kwyl, en om, oor hierdie vroue. 'n Vrou wat dit doen, is van 'n slegte karakter. Sy mag deuglik wees, andersins. Maar, sien, in haar hart . . . Wanneer, daardie kliere, sekskliere, is in die lippe. Die man wat 'n vrou soen, hy het eintlik, potensieel, owerspel gepleeg. Sekskliere is in die vrou se lippe en in die man se lippe. Hy kan haar op die hand soen, dit sou nie meng deur hulle sekskliere nie. Maar die sekskliere is in die lippe. En sien al hierdie onsin in die—die Hollywood vandag, van al hierdie kwyl en rond liefhê met vroue, ensovoorts, en meisietjies wat na dit alles kyk. Geen wonder ons sedes is verrot en vrot nie, en vuil, sien, want dis voor die kinders geplaas. Dis reg. Dit moet so wees vir die laaste dag.

89 Nou hou die kerk in gedagte. Sy soen kwyl, en meng rond in enigiets anders behalwe die Woord, laat die Duiwel, en geleerdheid en wetenskaplike soektogte, ensovoorts.

90 Wanneer, wetenskaplik, geleerdheid, alles, absoluut teenstrydig met God is. Die hele stelsel van beskawing wat ons nou het, is absoluut antichris. Geleerdheid stelsel is antichris. Beskawing is antichris. Dis teen God. Jy sê: "Teen beskawing?" God sal 'n beskawing hê, een van hierdie dae, wat geen dood daarmee geassosieer sal hê nie. Hierdie moderne beskawing het van Satan af gekom. Ek sal dit

vir julle bewys, as die Here wil vanaand, uit die Bybel. Al hierdie dinge is van Satan. Ons nuwe beskawing sal niks hiervan daarin hê nie.

Sy het hierdie heilige vroulikheid.

91 Geen wonder dat mans optree rondom vroue soos wat hulle maak nie, is omdat vroue rondom mans optree soos hulle maak. Sy karakter haarself hierbuite met 'n kortbroek aan, en nousluitend, en mans se klere, en dinge, buite op die straat, met swaaiende heupe. Maak nie saak wat sy sê nie, sy mag so deugsaam wees teenoor haar man as wat sy kan wees, maar, voor die aangesig van God: "Is sy 'n egbreukster." "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer het alreeds owerspel gepleeg met haar in sy hart." En sy het haarself voorgestel om dit te wees.

En dis presies wat die kerk gedoen het met die wêreld.

92 Let op. Dit is aan haar toevertrou: heilige deug, heilige vroulikheid, en dan heilige moederskap, haar man te eer.

93 Kyk net vandag. In sekere stede, baie stede, het hulle selfs groot partytjies in wat ons hoëlui noem, kerklidmate, ook. Sit hulle hoede op die vloer, en hulle word almal dronk en gooi hulle sleutels daarin. Elke vrou gaan en tel 'n sleutel uit die hoed uit op, vir die man waarmee sy sal saamleef oor die naweek. Alle soorte van sulke partytjies! Wat, ek het soveel om te sê hier, as die Here wil, ek het nie tyd om daarin in te gaan nie. So 'n smerigheid!

94 En die kerk is net so erg, reg, pleeg owerspel met alles, en sy het geen besigheid om in te gaan nie. Sy moet bly by die Woord.

95 Geboue is goed. Hospitale is goed. Al hierdie ander dinge is goed. Geleerdheidsprogramme, dis goed. Ons moet hier lewe, moet lees, skryf. Dis een van die ekonomieë.

96 Soos, ons was nie veronderstel om enige klere aan te trek, aan die begin nie. Ek sal daaroor preek, later hierdie week, as die Here wil. Maar ons moet klere dra, omdat God ons klere gegee het. Maar, in die begin, het ons hulle nie nodig gehad nie. Ons was versluier.

97 Nou is sy versluier van haar sonde. Sy weet nie eens sy sondig nie, sien, soos sy toe was. Deur die. . . Nou is sy versluier deur die Duiwel; toe was sy versluier deur God. Die verskil daarvan.

98 Nou vind ons uit dat sy hierdie heilige pand gegee is wat sy nie moet breek nie: van vroulikheid, optree, haar karakter hê, haar kinders grootmaak, eerbaar wees teenoor haar man.

99 Deesdae, skenk hulle minder aandag daaraan, as niks in die wêreld nie. Julle behoort in my kantoor te sit partymaal en mans hulle vroue sien inbring, waar hulle probeer regkom met God en van al die mans bely waarmee hulle saamgewoon het, en alles anders, vandat hulle getroud is. O, julle sê: "Dis. . ." Nee. Dis Pinksters. Uh-huh. Die andere sal nie kom nie. So dis. . .

100 Ek praat van hoe dit kan op loop gaan, wanneer julle begin meng met die wêreld, en al die modes en dinge wat ons het. Ons is net so min soos die oorspronklike pinkster as wat dag van nag is. Ons het êrens weggedryf, in een of ander donker chaos iewers, en verlore.

101 Wat 'n heilige pand! Wat 'n verantwoordelikheid vir 'n vrou! Sien nou hoekom sy 'n tipe van die Kerk is, wat dieselfde verantwoordelikheid het. Soos 'n vrou 'n heilige verantwoordelikheid het teenoor haar moederskap, teenoor haar deugde, teenoor haar man, het die Kerk 'n heilige verantwoordelikheid teenoor gebed en die Woord, en teenoor Christus, net soos die vrou het.

102 En soos 'n vrou wegdryf saam met 'n ander man; wanneer die kerk afgaan op hierdie institusionele programme, en bouprogramme en skole, ensovoorts. Ek het niks teen hulle nie. Hulle is goed. Hulle dien hulle doel. Maar hulle is nie . . .

103 Jesus het nooit gesê: "Gaan, maak skole," nie. Hy het gesê: "Preek die Woord."

104 Dis waar hulle Dit verwaarloos. Nie maak instellings, hospitale, ensovoorts nie. Daardie is goed, maar dis nie die Kerk se plig nie. Hulle plig is om die Evangelie te preek, maar ons het alles anders behalwe dit gedoen. En ons het ingedryf, net soos Satan het, en dit vermeng met een of ander Evangelie, iets anders, en iets anders, totdat ons 'n konglomerasie van niks het nie. Korrupsie, selfs ons hele, die hele wêreld! Hou die gang van die wêreld dop.

105 *Reader's Digest* gelees hier nie lank gelede nie, waar jongmeisies deur hulle menopouse gaan, en mans, die lewensverandering, tussen twintig en vyf-en-twintig jaar oud. Hulle gaan deur hulle middeljare. Korrupsie, (hoekom?) as gevolg van wetenskaplike navorsing van kos en goed wat afgebreek is, vanaf die natuurlike dinge wat ons in ons liggaam moet sit. Ons is niks anders as 'n klomp sterwende korrupsie nie.

106 Nou, dis wat die kerk ook is. Dis in dieselfde toestand.

107 Sy is 'n tipe. Sy het dieselfde kosbare deugde deur die Gees, aan Haar gegee, om die Gees en die Woord te bewaar, en nooit owerspel te pleeg met enigiets van die wêreld of enigiets nie. Bly maagdelik teenoor die Woord, soos 'n vrou deugsaam moet bly teenoor haar man. Dis 'n heilige pand, om Haar Here se Woord te eer bokant elke mens-gemaakte geloofsbelydenis, wysheid, denominasie wat daar is. Die Kerk is daardie pand gegee.

108 As hulle sê: "Wel, my kerk . . ." Ek gee nie om wat jou kerk glo nie. As dit teenstrydig met die Woord van God is, bly weg daarvan.

109 Die Bybel het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, vir altyd." Markus 16 het gesê: "Vir hulle wat geglo het

sal hierdie tekens volg." As 'n kerk verskillend preek Daarvan, moet jy nie. Sterf jy vir daardie ding. Word wedergebore, in die Woord van God in. "Gaan julle in die hele wêreld in en preek die Evangelie aan elke skepsel." Dis hoe ver Dit moes gaan. "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg, in die hele wêreld, en elke skepsel wat sal glo." Sien hoe ons weggekom het Daarvan? Sekerlik. Maar Sy is verantwoordelik Daarvoor.

110 Maar kyk nou wat, Hollywood, die deugsame dinge weggeneem het van ons vroue.

111 Ek sit hier en kyk na dierbare ou vrou, Suster Schrader, baie van die vroue hier, en agter, en Suster Moore hier oorkant, die ouer vroue wat 'n paar jaar gelede onthou. As hulle moeder, of selfs hulle, buite op die strate sou loop, die manier wat party van hierdie vroue vandag loop, kerklidmate, sou hulle die vrou opgesluit het as kranksinnig. "Sy het vergeet om haar romp aan te trek." Wel, as dit toé kranksinnig was, is dit noú kranksinnig.

112 Wel, kyk, die hele wêreld bewys dis kranksinnig. Kyk na die moorde en dinge wat nou aangaan in die wêreld. Sien? Kranksinnigheid!

113 Die hele ding kom om Openbaring te vervul. Ons mag daarby uitkom, hierdie week. Waar, daardie verskriklike dinge, daardie is nie natuurlik nie. Dis geestelike dinge, om mense te laat skree vir die rotse en die berge, en alles anders, om op hulle te val.

114 Die volledige, totale kranksinnigheid waarin hierdie wêreld sal ingaan, sommer gou, is amper nou daar. Wel, julle sien die voetstappe daarvan. Daar is dit. Dit—dit marsjeer reg uit op die straat, reg met die kerkbanke af, totale kranksinnigheid, doen dinge wat 'n mens nie sou dink om te doen en beskaafd wees nie.

115 Kyk wat Hollywood gedoen het aan die vrou. Kyk hoe dit is. Dit het die heilige deugde van die vrou gesteel. Aan en aan, kan ons gaan. Sien?

116 Dit alles het sy verloor. Hoe het sy dit gedoen? Omdat daar 'n subtiele instrument was, naamlik die kerk, soos daar in die tuin van Eden was. 'n Subtiele persoon, die Duiwel, het in die kerk ingeloop, net soos hy het in die tuin van Eden, en haar daarin mislei. Sy is mislei. Die vrou dink; sy bedoel nie om verkeerd te wees nie.

117 Eva het nie bedoel om verkeerd te doen nie. Dit was nie opsetlik nie. Maar sy... Die Bybel het gesê, in Twee Timótheüs, Een Timótheüs 3: "Sy is mislei." En *mislei* is nie wanneer jy dit opsetlik doen nie. Dis wanneer jy mislei word om dit te doen.

118 En dis net presies wat vandag gebeur het. Sy is mislei, deur televisie, deur tydskrif, deur hierdie mense, hierdie, al hierdie

goeie dinge wat hulle gaan, buite op die straat. Moderne meisies, hulle kyk na tydskrifte, en hulle kyk na foto's. Hulle kyk op die straat. Hulle sien die klere in die winkels. Hoe Satan, daardie groot instrument van—van die hel, afgekom het onder die mense en hulle mislei in hierdie dinge in! En die vrou dink sy is reg. En sy is dood en weet dit nie. Sy is ver van God. Sien hoe sy dit alles verloor het, en hoe subtiel dit was?

119 Vandag, ek wil hê julle moet oplet. Jesus het daarvan gepraat. Ook, as julle dit graag wil lees, Jesus het gemeld dat hierdie ding sou gebeur. Het julle dit geweet? In Sy laaste ure, net voor Sy kruisiging. Laat ons dit net lees, Lukas, die—die 23ste hoofstuk, en net vir 'n oomblik, soos 'n Sondagskoolles. Begin by die 27ste vers, ek glo ek het dit hier afgemerk. Jesus wat na Gólgota gaan. Luister soos ek dit lees. Goed. Lukas 23:27, glo ek, is waar ons dit het. My nota het dit so. Ja. Hier is dit.

> *En 'n groot menigte van die volk het hom gevolg, en vroue wat rou bedryf en hom beklaag het.*
>
> *Maar Jesus het hom omgedraai en vir hulle gesê: Dogters van Jerusalem, moenie oor my ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders;*
>
> *want daar kom* dag—*dae*. . .wat *hulle sal sê: Gelukkig is die onvrugbares en die* moederskoot *wat nie gebaar en die borste wat nie gesoog het nie.*

120 Dink, vandag, 'n skande vir haar om 'n kind te hê. Sien?

> *Dan sal hulle vir die berge begin sê: Val op ons! En* he-. . .*en vir die heuwels: Bedek ons!*
>
> *Want as hulle dit doen aan die groen—groen hout, wat sal* hulle *aan die droë* doen?

121 Gepraat van die dag dat wanneer vroue nie meer kinders wou hê nie. Hulle wil 'n hond of 'n kat of iets soos dit hê, maar sy wil nie meer kinders hê nie. Hoekom? "Sy is 'n ou Moeder Hubbard as sy 'n kind het." Sien? Sy wil nie hê nie. Dis die—dis die opmerking van Hollywood. Ek wil nie hê hierdie vrou moet 'n ou Moeder Hubbard wees nie. So sy sal, hy sal een of ander operasie aan homself of haar laat doen, een, wat hulle sal verhoed om kinders te hê. Hulle wil geen kinders hê nie.

122 Jesus het daarvan gepraat. En wat het Hy gesê? "Op daardie tyd sal hulle begin uitroep na die rotse en die berge om op hulle te val."

123 Sy sal geboortebeperking toepas, sodat sy na partytjies kan gaan. Sy kan nie gepla wees met 'n baba wat aan haar drink nie. "Dit sal haar misvorm. Wanneer sy swanger raak, sal dit wees, dit haar misvorm. Sy sal nie lyk soos sy altyd het nie." En haar man, onkundig genoeg om haar so te laat begaan. Sy sal nie vir hom 'n kind gee nie.

124 Jesus het daarvan gepraat. En Hy het gesê, dat: "Toe hulle dit gedoen het, op daardie tyd sal hulle dan gaan uitroep na die rotse om op hulle te val." Dis Koms van die Here.

125 Hulle betaal groot somme geld vir katte, honde, om te moeder. Dis reg. Sy moet iets moeder, want dis 'n God-gegewe natuur vir haar.

126 Ek let op. Ek jag grootwild. 'n Ou beer in die herfs van die jaar, wanneer sy gepaar het met die mannetjie beer, het sy dan kleintjies wat gebore is. Hulle is kleintjies van redelike goeie grootte, weeg miskien 'n honderd pond of meer. Sy sal hulle verdryf en self laat hiberneer, want sy gaan nog meer kleintjies voortbring. Hulle word in Februarie gebore. Die beer weet niks daarvan nie.

127 Hulle word gebore in sakkies. Hoedat God hulle hierdie sakkies laat oopmaak, self, klein. . .soos klein sellofaansakkie. Hulle vind hulle pad. Hulle moeder is vas aan die slaap. Sy het nie enigiets geëet van Oktober af nie, en hierdie is Februarie. Hulle kom daar en drink aan haar tot middel Mei.

128 Dan wanneer sy haar kleintjies sien, is hulle redelike groot kleintjies, weeg miskien vyftien, tien of vyftien pond elk. Hulle het aan haar gedrink. Hoe sy die melk kry, dis God se idee. Sy lewe, self, en maak melk vir die kleintjies.

129 En dan as haar paring nie vat nie, en sy het nie enige kleintjies nie, dan sal sy daardie jaar, verlede jaar se kleintjies opsoek, en hulle moeder die hele somer lank, want dis God-gegewe instink. Sy moet iets moeder.

130 En as 'n vrou nie 'n baba vir haar man wil hê nie, sal sy 'n hond of 'n kat neem, of iets. Sy moet iets moeder. Dis 'n natuur. Maar om 'n kind te baar vir haar man, en dit tot die diens van God groot te maak, dis heeltemal buite haar lyn. Sy behoort. O, sy sou. . .O, sy sou so verneder wees, as sy sou, deur haar sonde liefhebbende gemeenskap van hierdie 1965 tipe vroue.

131 'n Ware prentjie van die moderne kerk vandag! Ook wil die moderne kerk nie enige van hierdie hier, skree, uitroep, tale pratende, Handelinge 2:38 kleintjies om haar hê nie. Ja. Ja. Sien? Ja. Sy wil nie enige van hulle hê wat skree, en huil, en uitroep: "Amen! Halleluja!" nie. Wel, so 'n kind sou haar onmiddellik uit haar denominasie sit. So een in een van die kerke sou hê, wel, hulle sou haar baie vinnig uitgooi.

"Hoekom laat jy so-iets soos hierdie aangaan?"

132 So, julle sien, sy is swanger met iets, want sy bring die heeltyd lidmate voort. Maar sy wil nie enige van daardie skreeuende, gillende, pratende, Handelinge 2:38, ellendige skepsels hê wat sy dink hulle is nie. Dit sou haar beslis beskaam. Dit sou haar en haar geleerde, etiese, wetenskaplike

gemeenskapskerk ruïneer waaraan sy hier behoort. Hulle sou haar uitgooi, by die volgende raad. Sy kan dit nie hê nie. So sy wil nie swanger raak met die Woord nie, want dis die enigste soort wat die Woord kan voortbring.

133 Gebore uit die Gees van God, moet dit die Gees van God daarin hê. Geen intelektuele kerk-aansluiting en geloofsbelydenis-volg, gesnyde hare, geverfde gesig nie; daar's glad nie so-iets soos daardie in alles daarvan nie. Jy vind dit nie in die Woord van God nie. Jy vind 'n outydse, geheiligde, Heilige Gees-gevulde kind, gebore uit die Gees van God, wat skree, gil, uitroep, God loof.

134 Dis heeltemal buite bereik vir haar. Sy wil Dit nie hê nie. O nee, meneer! Nee, inderdaad. Wat doen sy dan? So sy bring 'n paar, 'n geverfde gesig, kortbroek-draende, Isébel gemeenskap, buite-egtelike "katte" voort, wat hulle hulle noem, dink ek is dit. Sien? Ek dink hulle noem dit katte. Sien? "Kyk na daardie kat wat daar gaan," sê hulle, of so-iets soos dit, julle weet.

135 Sy is gebore, of getroud, verbind met haar eerste man, die eerste Adam, deur die egbreukende vrou van Eva, Adam se eerste vrou. Jy sê: "Egbreukend?" Sy was beslis. Maar, o, sy maak aanspraak dat hierdie Adam, hierdie eerste Adam dood is. "O, sekerlik, hy het 'n lang tyd gelede gesterf. Ek is herbore, weer," het sy gesê: "en ek is sekerlik getroud met die Tweede Adam, Christus, die Woord."

136 Hoe? Let op wat sy liefhet. Hou haar minnaar dop, jy wil sien op wie sy verlief is. Die Woord sê *Dit*, maar sy het gesê: "My kerk sê *dit*." Op wie is sy dan verlief? Wie is haar man? Haar eie vrugte bewys wat sy is. Presies reg. Wys wat sy is. Let op, sy is gebore, eerste, vir Adam, want dis haar natuurlike geboorte. Sien? En sy het dit nooit verlaat nie. Dis 'n liefhebber van die wêreld. Sy maak aanspraak dat sy die tweede keer gebore is, vir Christus. Maar haar minnaar, let op, is Adam, steeds, omdat sy die wêreld liefhet.

137 En nog 'n—nog 'n ding, let op watter soort kinders sy voortbring. Dit sê wat hulle pappa is, of dit die eerste Adam of die Tweede Adam is. As die Kerk 'n kind voortbring van die Tweede Adam, tree hy soos die Tweede Adam se manier van optrede op, soos hulle het op die Pinksterdag. Dis die ware, egte Tweede Adam se kinders. Sien? Reg. Hulle natuur is soos syne en hare. Ja, meneer. Haar dogters, geverfde gesig, geknipte hare, wat mansklere dra, broeke. Die Bybel het gesê vir haar "om dit nie te doen nie." Sy sny haar hare. "Dis 'n skande vir haar."

Julle sê: "Bly stil, daaroor."

138 Dis wat die Woord sê. Ek wys slegs die natuur uit. Dis wat sy doen.

139 Haar seuns, haar seuns uit haar gebore, maak staat op geleerdheid, skoling, een of ander Bybelskool, sogenaamd, een of ander groot kollege wat veronderstel is om 'n lang tyd gelede te wees, wat hulle uitbroei, in een of ander soort van 'n broeikas styl. Denominasionele-soekers, godsdienstig soos Kain, net buite-egtelik teenoor die Woord as wat Kain was; reg, net so buite, buite-egtelik as wat Kain was, sekerlik, denominasionele-soekers. Sien julle wat dit is?

140 God het nooit 'n denominasie georganiseer nie. Hy was altyd daarteen. Sy Woord is daarteen.

141 Maar hulle hou reguit daaraan vas, so julle sien wat hulle voortbring. Dit wys wie hulle pappa en mamma is. Presies. Presies. Net so buite-egtelik as wat Kain was. Dis die soort kind wat hy voortgebring het uit Eva. Hulle het weggekom van die Woord, kyk wat sy toe voortgebring het. Dis net presies wat die kerk gebring het, dieselfde ding.

142 Kan dit vir julle bewys, deur die Woord, dat dit is waar geleerdheid en beskawing kom, deur Kain. Dis presies reg. Want hulle maak aanspraak. . .Maar hulle—hulle maak aanspraak om seuns van God te wees, maar hulle is denominasioneel-geteel, denominasioneel skool-geskoold, alles anders. Dis presies reg. Subtiel, slim! Goeiste! So was die slang ook, hulle vader. Reg. Net sulke subtiele en wetenskaplike predikers as wat Kain was. Sien? Dis presies dieselfde ding.

Julle sê: "Broer Branham, is dit waar?"

143 Blaai na Génesis 4:16 en vind uit. Gaan hier terug in Génesis 4:16 'n minuut, julle sal uitvind hoe dit gebeur het.

> *Toe gaan Kain. . .van die aangesig van die HERE, en hy het gewoon in die land Nod, aan die oostekant van Eden.*
>
> *En Kain het sy vrou beken, en sy het swanger geword en Henog gebaar. Daarna bou hy 'n stad en noem die stad na. . .sy seun* Enos.

144 Verder af na Tubal, en af, want hulle het geword, ontwerpers van instrumente geword, musiek, ensovoorts. Beskawing het gekom deur Kain, reg, stede gebou, instrumente. Wetenskaplike manne het gekom deur Kain, die slang se saad. Nou let die 25ste vers op.

> *En Adam het sy vrou weer beken,*

145 Nou, hy het haar eenmaal beken en sy het twee kinders gehad. Ondersoek die Skrif. Sy het Kain en Abel gehad. Een daad, en twee kinders. Julle sê. . .

146 Hulle het vir my gesê, nie lank gelede nie, dit kan nie wees, gebeur nie. Ons het 'n geval in Hollywood. Hollywood? Ons het 'n geval in Tucson net nou, bo in die hof. 'n Vrou het geboorte geskenk aan 'n gekleurde kind en 'n wit kind, op dieselfde tyd. Hulle sê sy kan dit nie doen nie. Sy kan ook twee vrugbare

sade hê. Hulle het dit reg in die hof nou. Ek weet honde sal dit doen. Diere sal dit doen. En sy het daar gekom. Die wit man het gesê; "Ek sal my eie kind onderhou, maar nie hy nie."

147 En die vrou het die belydenis gedoen. Sy het saam met haar man gelewe daardie oggend, en die gekleurde man daardie middag. "Indien dit," het die dokter gesê: "binne die tydsbestek van vier-en-twintig uur is, sal dit gebeur dat daar nog 'n vrugbare saad daar is." En daar het sy dit gedoen.

148 En dis presies wat hier gebeur het. Kain daardie . . . Satan, daardie oggend, in die slang; en Adam, daardie middag. Toe sy . . . En sy het twee kinders gehad.

> Nou, *Adam het sy vrou weer beken* (die tweede keer); *en sy het 'n seun gebaar, . . .*

149 Onthou, daar is nou nêrens in die Bybel wat gesê het Kain was Adam se seun nie. Gesê: "Hy was van daardie bose," nie Adam nie: "die Duiwel."

> . . . *beken* sy (die tweede keer,) en beken . . . en het *'n seun* gehad*, en hom Set genoem. Want, het sy gesê, God het geskenk* . . . (Dit was nie die ware Saad nie.) . . . *het my 'n ander kind geskenk in die plek van* Adam*, omdat Kain hom doodgeslaan het.* Daarom . . .
>
> *En ook vir Set is 'n seun gebore, wat hy Enos genoem het. Toe het hulle die naam van die HERE begin aanroep.*

150 Nie uit Kain s'n nie, daardie geslag se afstamming nie, maar uit Set se afstamming.

So: "Kain is die bose." Daar kom die slang.

151 Nou let op. Die Bybel sê duidelik hier, dat: "Haar eerste man dood moet wees," nie net geskei nie. Hy moet dood wees.

152 Ek het pas klaargemaak met preek oor *Troue En Egskeiding*, en julle weet almal daarvan. Maar praat nie nou, heeltemal, met hierdie gemeente hier nie, maar buite oor die volk. Goed. Nou julle sien wat daar gebeur het, in *Troue En Egskeiding*. Toe . . . ? . . . Die Sewe Seëls geopen is, het dit die werklike Waarheid daarvan uitgebring.

153 So, om getroud te wees met die Tweede Adam, Christus, die Woord, moet jy jouself skei deur die dood, van jou eerste denominasionele man, want daar's nie een van hulle wat die hele Woord van God kan neem nie. Wys my net waar daardie een is. "O," sê julle: "myne." Die ander kêrel sê syne, ook; sit hulle bymekaar en jy sal uitvind julle is albei verkeerd, so gou as wat julle denomineer. Lees Openbaring 17. So, julle sien, jy moet dood wees teenoor daardie ding.

154 Nou, ek praat nie hierdie plaaslike gemeente nie, ek praat regoor die volk. Jy moet dood wees teenoor jou eerste man. As jy verenig word met Christus, en steeds getroud is met 'n denominasie, is jy 'n egbreukster. Jy is Laodicéa.

155 ’n Kerk oor die volk, ons volg Jesus Christus, die Woord. Om in die Bruid te wees, moet jy hertrou met die Woord van God, wat Christus is. “In die begin was die Woord, die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel.”

156 Solank as wat jy vashou aan die mens se tradisie van denominasies, word jy genoem, in God se Woord: “’n egbreukster.” Solank as wat jy ’n denominasionele geloofsbelydenis-soeker is, behoort aan ’n denominasionele kerk wat die Woord ontken, is jy “’n egbreukster,” wat die Bybel gesê het.

157 Jesus het gesê: “Jy kan nie twee gode op dieselfde tyd dien nie. Jy dien óf God, óf Mammon.” *Mammon* is “die wêreld.” “Hy wat die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, die liefde van God is nie eens in hom nie.” Die Saad van God kan nie in hom wees dieselfde tyd (die liefde van God) terwyl die liefde van die wêreld daarbinne is nie. Wanneer die Saad van God deur jou werk, is dit die Woord van God. Die liefde van die wêreld kan nie daarin wees op dieselfde tyd nie. Nou waar is die kort hare, en die kortbroeke, en die geverfde gesigte? Nou waar is dit?

158 Jy kan nie deugsaam teenoor Christus wees, die Woord van God, en ’n mensgemaakte denominasie op dieselfde tyd dien nie. Dis teenstrydig met die Woord. Paulus het hier gesê. “Waar?” Romeine 7.

159 Ook kan jy nie God se seuns baar, van Sy Woord, vir hierdie buite-egtelike denominasionele groep nie. Jy kan dit nie doen nie. In jou broeikas, kan jy nie ’n Woord-seun van God voortbring nie. Ek praat met die kerk. Maar tog maak julle aanspraak om baie godsdienstig te wees. So was Kain, die prostituut, Eva, se seun, baie godsdienstig, altare gebou en offerhande geoffer, en sy tiendes betaal en alles gedoen wat enige ander godsdienstige man sou doen. Maar hy het nie daardie Woord gehou nie. Hy het nie die openbaring gehad nie.

160 En die openbaring is die enigste ding, die openbaring van die Woord. Wat is die. . .Wat is ’n openbaring? Jesus het gesê: “Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel sal nie daarteen standhou nie.” Geloof is ’n openbaring; omdat Geloof geopenbaar is aan jou.

161 “Abel, deur geloof, het geoffer deur openbaring (Geloof), aan God ’n beter offer geoffer as wat Kain het.”

162 Kain het gedink hulle het appels geëet. Hulle het steeds daardie idee, maar dit was nie. Dit was ’n owerspel, slang se saad. En daar toe die Sewe Seëls oopgegaan het, het dit verklaar en dit bewys. My boek is pas uit daaroor. Dink, ons het ’n duisend hier nou. Sien? Let op. Dis Skriftuurlik, van Génesis tot Openbaringe.

163 Aan die endtyd, bereik altwee bome die saad en bewys hulleself. Hier is ons, net vandag, Laodicéa en die Bruid, net so helder en mooi as wat dit in die Skrif kan wees, en reg in julle gesigte. "Jy kan nie God en Mammon dien nie." Jy kan nie 'n deugsame Bybelgelowige Christen wees, en jouself assosieer in die denominasionele saak nie. Jy kan dit net nie op dieselfde tyd doen nie. Een moet dood wees, en laat die ander een lewe.

164 Ook kan jy nie God se Woord-seun baar nie. Ook kan die kerk nie voortbring nie. Hulle wil nie een—een van hulle hê nie, 'n skreeuende kinders, wat skree en in tale praat, en al daardie dinge nie. Hulle, jy kan dit nie doen in 'n denominasionele kerk nie. Hulle wil jou nie hê nie. Hulle bring hulle nie so nie. Hulle neem hulle boontoe en skud hulle hande en sê: "As jy glo, het jy Dit. Solank jy jou naam op die boek sit, dis al wat jy hoef te doen." Sien? Dis-dis buite-egtelike kinders teenoor die Woord, maak steeds aanspraak om godsdiens te wees.

165 So bevrug met Satan se wysheid en kennis, het die kerk geword! Hulle stuur hulle mense weg na die skool, om te leer hoe om "amen" net reg te sê. Hulle leer hulle hoe om dit alles te sê, en baie intellektueel te wees. Wat is dit? Dis 'n bevrugting van die Duiwel. Waarmee het Satan Eva bevrug? Om die Woord nie te glo nie, vir intellektuele, intellekte, en dit het die hele skepping verwoes. Dis presies wat sy gedoen het in die Woord vandag, die kerk. Sy het haarself bevrug met Bybelskole en kolleges, en dinge soos daardie, lees, skryf, rekenkunde, en hulle weet nie meer van God as wat 'n Hottentot sou weet van 'n Egiptiese nag nie. Hulle ken al hulle geloofsbelydenisse, hulle gebedsboeke, alles anders, maar weet niks van God nie.

166 Hulle weet wanneer die Woord bevestig word, toe God destyds daar gespreek het en Sy Woord beskik het vir elke geslag soos hulle aangekom het. En hier kom Noag aan, en hy het daardie geslag gepreek.

167 Nou, wat as Moses sou aankom, gesê het: "Laat ons 'n ark bou"? Hy sou heeltemal uit styl wees. Maar hy was 'n profeet. Hy het die openbaring van God gehad.

168 God het dit bevestig as die Waarheid. Hy het die kinders voortgebring, Israel uit, en die Vuurkolom voor hulle getoon, en die profeet bevestig; en net presies gesê wat Hy sou doen, en hy het dit gedoen.

169 Hulle het gesê: "Laat God nie spreek nie. Laat Moses spreek, voor ons sterf."

170 Hy het gesê: "Ek sal nie meer so met hulle spreek nie, maar Ek sal vir hulle profete oprig, en hulle sal spreek.

171 Daar het Jesaja daar gestaan, gesê: "'n Maagd sal swanger word." 'n Man soos hy in die dag toe. . .Hoe gaan 'n maagd swanger word? "Vir ons is 'n Seun gebore: 'n kind gebore, 'n Seun gegee. Sy Naam sal genoem word: Raadsman, Vredevors, Sterke

God, die Ewige Vader. Op die troon van Sy vader, Dawid, sal Hy heers. Daar sal geen einde aan Sy Koninkryk wees nie." Hoe gaan dit wees? Hy het nie geweet nie. Hy het net gespreek wat God gesê het. Dis bokant enige verbeelding, intellektuele. Dis bokant enige wetenskaplike navorsing. Dis die Woord van God.

172 Nou ons onderrig ons kweekskool studente in alle soorte van Bybel teologieë en dinge soos daardie, mensgemaakte teologie, het 'n klomp kerk net presies 'n Laodicéa, soos God gesê het dit sou wees. O, goeiste! Wanneer ek daarna kyk, en laat my bewe. Bevrug met intellektuele begrip! Jy moet 'n hoërskool gegradueerde wees voor jy selfs kan ingaan. Jy moet hê. . .moet voor 'n sielkundige staan voor jy verordineer kan word.

173 Kan julle julle voorstel Petrus, Jakobus, en Johannes wat voor 'n sielkundige gaan? Onthou daardie honderd-en-twintig daarbo, kon nie eens hulle eie name teken nie? Staan voor 'n sielkundige, kyk of hulle. . .of al hulle. . .of hulle refleks net reg was, ensovoorts? Hulle het 'n refleks gehad, maar dit was nie die intellektuele begrip of wetenskaplike navorsing nie. Dit was deur die krag van God. Toe Dit hulle getref het, het hulle niks geweet om te doen behalwe uitvoer wat die Heilige Gees gesê het om te doen nie. Hulle het geen aandag geskenk aan enige intellektuele, wat die kerk gesê het, en wat die priesters gesê het, wat *dit* gesê het, *dat* gesê het nie. Hulle het beweeg deur die Gees; vreeslose manne.

174 Een Johannes 2:15, het Hy gesê: "As julle die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in julle nie." Sien? So hoe kan jy bevrug wees met die Woord van God wat die wêreld veroordeel, Hollywood veroordeel, al sy mode veroordeel, al hierdie partytjies en aanganery veroordeel, en sogenaamde wat hulle in die naam van godsdiens hou? Dit veroordeel dit. Hoe kan die Woord 'n persoon bevrug: hoe kan 'n korthaar-vrou, geverfde gesig, wat kortbroek dra?

175 Hoe kan 'n prediker, gaan hier uit na 'n kweekskool, en kyk na Handelinge 2:38 en sien daar's nie 'n persoon in die Bybel ooit gedoop in daardie titels nie, en steeds sê hy hy's bevrug met die Woord van God? Vertel jou 'n leuen! Hy het sy geboortereg verkoop. Hy het owerspel gepleeg teen die einste Ding wat hy gesê het. Hy is weggesit, in egskeiding.

God gaan 'n deugsame Kerk hê, net presies, 'n Bruid.

176 Bybel het gesê: "Die Woord is nie in julle nie." So watter soort van 'n kinders bring julle voort? Bevrugte denominasionele. Daar was geen dood om julle te skei van julle eerste minnaar nie.

177 "Wat sal die Jones' dink as ek gaan huil en in tale praat? Wat gaan hulle dink as ek herdoop word?" Watter onsin! Is jy getroud met die Jones'? Is jy getroud met die kerk? Is jy getroud met Christus, die Woord?

178 Nou, dis hoekom sy steeds sy kinders baar. Watter soort kinders het sy? Hier is party van hulle wat hulle vandag noem: katte, kewers, monsters, rickies, rickettas. Katte, kewers, dis kerklidmate. Sekerlik. Hulle is almal sy seuns, seuns van Kain, wat die seuns van die subtiele dier is, net so glad as wat hulle kan wees.

179 Nou kyk goed vir ’n oomblik, met jou eie geestelike insig, na jou siel. Kyk net rond. Ek praat oor die volk nou. Kyk net ’n paar oomblikke, julle daarbuite in die Branham Tabernakel, julle in die tabernakels op die Weskus, en Arizona, en oral waar julle is. Kyk na julleself vir ’n paar minute. Julle sê: “Daardie Boodskap wat jy preek, Broer Branham, is verkeerd.” Kyk ’n bietjie na jouself. Laat die Heilige Gees julle gemoedere deursoek met die Woord, julle sal saamstem met die Boodskap. Laat Christus, die gesalfde Woord, jou eie gewete deursoek. Laat Hy in jou ingaan, kyk of Dit reg is of nie. En dis net een of twee dinge wat ek noem, wanneer daar honderde van hulle is.

180 Stem die Bybel saam met ’n vrou wat haar hare knip? [Die gemeente sê: “Nee.”—Red.] Glo, stem die Bybel saam met drie, dope in die naam van “Vader, Seun, Heilige Gees”? [“Nee.”] Glad nie so-iets nie. Stem die Bybel saam met vrou wat mansklere dra? [“Nee.”] Wel, neem net daardie drie daar, wanneer daar nog honderde is. Ondersoek dit in die Lig van God se Woord.

181 Jy sê: “Ek is ’n kerklidmaat.” So was Kain. So was Eva. Die Bybel voorspel, in die laaste dae, dat die Laodicéa dieselfde sal wees.

182 Laat die Heilige Gees jou gewete deursoek, en jy sal saamstem met Daniël 5:12. Toe die koningin ingekom het voor Beltsasar en gesê het sy het uitgevind dat daar ’n profeet was, Daniël, wat onder hulle was, en hy ’n oplosser was van twyfel. Laat julle die Heilige Gees toe. Hy is die Profeet van die dag. Laat Hom inkom in jou hart net nou en ondersoek met die Woord van God, en die twyfels omtrent die Boodskap sal alles opgelos word. Hy los al die twyfel op. Jy sal uitvind, dis presies op die Woord vir hierdie dag.

183 Jy kan nie Luther se boodskap vandag preek nie. Dit gaan Daarin, maar dis die voete. Uh-huh. Uh-huh. Kan nie Wesley preek nie. Kan nie Pinkster preek nie. Ons is reg daarby verby. Hulle het gedenomineer en gesterf. Hulle is die stingel.

184 Die stingel het opgekom saam met die blaar, by die eerste toestand van die kerk. Nou, daardie daar lyk nie soos die eerste korrel wat in die grond ingegaan het, die koring nie.

185 Die tweede wat voortgekom het is ’n stuifmeel. Dit lyk steeds nie soos die korrel nie. Lyk meer daarna. Word meer na die beeld van die regte korrel. Maar die blare lyk beslis nie soos die korrel

wat in die grond ingegaan het nie. Dis 'n draer van die lewe wat die korrel was. Maar wat het dit gedoen? Dit het gedenomineer, net soos al die ander natuur daarby inpas. Dit het gesterf.

186 Wat toe? Die lewe het reg opgeloop tot in die pluim. Dit het 'n hele klomp klein—klein balletjies wat daaraan hang, lyk asof dit klein—klein korreltjies daarin het. Lyk asof dit 'n ware korrel is, maar dit is nie.

187 Dan val dit in die dop in. En wat bring dit voort? 'n Dop.

188 Nou, jy neem 'n koringkorrel, wanneer die koring die eerste keer voortkom. En Jesus het gesê: "'n Koringkorrel." En jy neem daardie koring en maak dit oop. Jy het die stingel afgetrek. Jy het daarna gekyk. Jy sê: "Ons het 'n koringkorrel." Wees versigtig. Dis net presies soos die korrel, maar daar's nie 'n stukkie korrel daaraan nie. Dis die dop.

189 Dis die Pinksters: "Soveel," soos Matthéüs 24:24 gesê het: "die einste uitverkorenes mislei in die laaste dae, as dit moontlik was." Maar jy blaar vir blaar terugtrek, het jy geen korrel nie. Die korrel is reg agter in die agterkant daarvan. Sien?

190 En dan kom die Lewe uit daardie denominasie, gaan in die korrel in. Wat gebeur dan? Wanneer die korrel begin groei, en begin groter word sodat Dit oor iets kan bedek, trek die denominasie weg Daarvan. Hoekom het ons nie 'n denominasie Hieruit nie? Hulle sal nooit wees nie. Nee. Dis die korrel. Dit kan nie verder gaan nie. Ons is aan die endtyd. So wat moet Dit nou doen? In die Teenwoordigheid van die Seun lê, om ryp te word, dis presies, die Woord om ryp te word in jou hart, om voort te bring en te lewe waarvan ons praat. Ja, meneer.

191 Dan sal jy geen twyfel meer hê nie, as jy die Heilige Gees Dit vir jou laat openbaar, soos die koningin gesê het oor Daniël.

192 Jy mag sê: "Wat het dit alles te doen met die danksegging? Waarvan praat jy, Broer Branham? Hier is dit kwart voor nege. Jy het niks gesê van danksegging nie." Wat 'n Boodskap vir die geleentheid, vir my! Ja, inderdaad.

193 Die pelgrimvaders was baie dankbaar vir hulle nuutgevonde weg van die lewe, geskei van die ou Engelse denominasies en geloofsbelydenisse. Hulle kon trou met die nuwe, gesalfde Woord vir hulle eeu; dis reg, die nuwe, gesalfde Woord van hulle eeu, vir hulle dag.

194 So kan ons dankbaar wees, as pelgrims, soos Abraham, onsself geskei van die dinge van die wêreld, al ons metgeselle. Abraham was 'n pelgrim. God het ons geskei van al die dooie godsdienste. Ek praat oor die volk nou, al die dooie geloofsbelydenisse. En na wat? Ons geskei, en vir ons 'n nuwe land oopgemaak, 'n nuwe Boodskap vir hierdie dag.

195 Pinkster het verdroog en gesterf, soos Luther, Wesley, en die res van hulle. Dis niks meer as 'n klomp kerke wat saamgetrek is nie. Goeie mense daarbinne, tog, moet uitkom.

196 Wat het Hy gedoen? Hy het die Sewe Seëls oopgemaak van die laaste Boodskap. Julle dit opgelet? Die Sewe Seëls, wat, al die verborgenhede van die sewe kerkeeue was verseël met Sewe Seëls. Die hervormers het nie tyd gehad om dit te doen in hulle dae nie. Hulle het nie lank genoeg gelewe nie. Maar hierdie geseënde openbaring van die Sewe Seëls, dis geopen vir ons in hierdie laaste dae, van 'n profesie wat uitgegaan het na Arizona.

197 Hoe ek God gevra het, nou die dag: "Wat maak U met my hierbuite in hierdie woestyn?"

198 Het julle geweet Moses het die Nuwe Testament geskryf... of die Ou Testament geskryf? Hy het beslis. Eerste vier Boeke gee die wette, alles. Génesis, Eksodus, Levitikus en Deuteronómium. Hy het die Ou Testament geskryf. Om dit te doen, moes hy al sy metgeselle en geliefdes verlaat, en in 'n woestyn ingaan.

199 Paulus het die Nuwe Testament geskryf. Dis reg. Hy het Romeine geskryf, en Romeine en al die res Daarvan daar, Hebreërs en Timóthéüs, ensovoorts. En om dit te doen, moes hy van homself afsonder, en in Arabië ingaan, in 'n woestyn in, vir drie jaar, die openbaring van God te kry.

200 "O," sê julle: "wat van Matthéüs, Markus, Lukas, en Johannes?" Hulle was skrywers wat net geskryf het wat Jesus gedoen het.

201 Paulus het afgesonder, die Woord bymekaar gesit. Dis reg. Wel, dan, kyk, as dit dit geneem het, en na 'n woestyn toe moes gaan, weg van hulle geliefdes.

202 Onthou wat: *Watter Tyd Is Dit, Meneer?* Hoeveel het dit ooit gehoor? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Was dit presies reg? ["Amen."] Dan het ons die openbaring in hierdie laaste dae, vir die Boodskap van die Here God om Sy Bruid bymekaar te maak. Geen ander eeu is dit belowe nie. Dis belowe in hierdie eeu: Maleági 4, Lukas 17:30, Johannes 14:12, Joël 2:38. Daardie beloftes is net presies soos Johannes die Doper homself geïdentifiseer het in die Skrif.

203 Jesus het Homself geïdentifiseer. Wat het hulle gesê? "Weg met so 'n persoon!" "Johannes is 'n wilde man." Die kerk was nie in staat om dit te ontvang nie. Dis die patroon. Ook sal die kerk dit nie vandag ontvang nie.

204 Maar, aan die Uitverkorenes, God roep na die Uitverkorenes. Hulle weet dit: roep die deugsame Bruid, die Woord, die laaste dag Kerk, die uitverkore Dame van ons Here Jesus Christus, Woord. As...Jesus is die Woord. Hoeveel glo dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. Dan, die Bruid is altyd deel van die Bruidegom, so die Bruid sal nie 'n denominasie wees nie. Dit sal die Woord moet wees, gemanifesteer, om die Bruid van Christus te wees. Hy het belowe om dit te doen. Hy het gesê hoe Hy het. Gebruik

nooit...verloor Sy patroon nie. Hy het dit altyd gedoen volgens die patroon. Hy het dit gedoen, elke keer, volgens die patroon. Hy doen dit weer, roep Sy deugsame Bruid in die laaste dag uit, die pragtige Rebekka wat wag vir Haar Isak. Wat 'n pragtige tyd!

205 Hier bring dit ten aanskoue, die twee boeke wat geheimsinnig vir julle gaan wees wanneer julle die boek *Die Sewe Kerkeeue* lees. Die twee boeke: boek van die lewe, gesê, een sê jy kan jou naam daarop sit, jy kom nooit af nie; ander een sê jy neem sy naam uit die Boek van die Lewe. Hierdie bring dit volmaak ten aanskoue net hier. Ek gaan 'n paar minute stop, miskien, op 'n paar notas hier, en dit vang voordat ons afsluit.

206 Lewe is 'n heilige ding, vir God, en dit is opgeteken in 'n boek. God is die outeur van die lewe. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

207 Ons natuurlike lewe hier, ons het, is net 'n verdraaïng. Dit moet eintlik die regte lewe wees, om mee te begin, maar dit is verdraai deur die natuurlike geboorte. Die eerste lewe, of jou eerste vereniging, is jy saamgevoeg by geboorte, deur die natuur, 'n natuurlike daad. 'n Natuurlike menslike wese het geassossieer, man en vrou saam, het saam geassossieer in seksuele verhouding, wat jou eerste lewe hiernatoe gebring het, en dis geassossieer met sonde en dood. Hoe kan jy nie die slang se saad sien nie?

208 Wanneer jy die vrou sien, 'n newe-produk; nie 'n ander vroulike soos sy nie; gemaak in daardie orde, in die wete dat sy mislei kan word. God het dit geweet. As Hy nie die einde van die begin geweet het nie, dan was Hy nie God nie. As Hy nie oneindig is nie, as Hy nie is...En Hy kan nie oneindig wees sonder om alwetend, alomteenwoordig, alle dinge te weet, Ewig te wees nie. So Hy het alle dinge geweet, en Hy moes daardie vrou maak.

209 Die man het nie 'n vrou gehad nie. Die vrou en die man was dieselfde ding. Hy het die vroulike en manlike gees in homself gehad.

210 Hy moes skei, om 'n newe-produk te neem, na die hele skepping gemaak is. Geen vroulike geskep deur God, in die oorspronklike skepping, kan so-iets doen nie. Sy is so gemaak, om dit te doen. Hy het geweet sy sou dit doen. As Hy nie het nie, was Hy nie God nie.

211 Maar, sien, die eienskappe wat in God is, moes vertoon word. Hy—Hy moes 'n Verlosser wees. Om alles volmaak te maak, soos Hy dit gehad het, dan sou daar niks verlore wees nie. O, moenie kinders wees nie. Wees mans en vroue. Ons is by die endpad. Let op.

212 Nou, dit was die natuur, geassossieer met die dood. Jou eerste man, wat heerskappy oor jou gehad het, was jou natuur deur natuurlike geboorte. Natuurlik, het jy die wêreld liefgehad omdat jy die wêreld is, en deel van die wêreld. Dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Jou begeertes was, volgens natuur, om die wêreld lief te hê waarvan jy 'n deel is. Jy's 'n deel van die natuur. Glo julle dit? ["Amen."] En dis jou natuurlike ding.

213 Dis waarom jy wedergebore moet word. Jy moet skei; jy moet sterf teenoor daardie eerste man. Jy kan nie daarmee saamlewe nie. Jy kan nie net sê: "Wel, ek sal hom skei, en hom daar ophang ter geleentheid nie." Nee, meneer. Geen skeibrief nie! Hy sterf. Die natuur van die wêreld moet sterf. Elke deeltjie van hom moet sterf. Jy moet herenig word, weer, met 'n ander Natuur.

214 Jou naam van jou eerste natuur, is gebore, en in 'n boek van die lewe gesit. Al jou dade was daarin geskryf, ook. Alles wat jy gedoen het onder daardie natuur, was in 'n boek geplaas, naamlik die boek van die lewe.

215 Julle let op, in Daniël, toe hy gekom het na "die Oue van Dae, Wie se hare wit was soos wol. Tienduisende maal tienduisende het saam met Hom gekom, om Hom te bedien; die—die Bruid. En toe is die boeke oopgemaak." "En nog 'n Boek is oopgemaak, wat die Boek van die Lewe was." Sien? Daar is heiliges alreeds daar, die Kerk, die Bruid. "'n Ander Boek is oopgemaak, wat die Boek van die Lewe was."

216 Nou, jy, toe jy geskei was van daardie vereniging, deur geestelike dood. Jou natuurlike begeerte is om jou hare te sny. Jou natuurlike begeerte is om kortbroek te dra, jou gesig te verf. Jou natuurlike begeerte is om intellektueel, slim manne te wees, iets beter te weet as die ander. Dis wat Eva wou hê. Dis die einste ding wat sy wou hê.

217 "Wel, sê! Jou klein twee-sent, twee-by-vier prediker, daarbo staan en vir my sê? Ek het 'n Ph.D., LL." Dit maak jou net verder van God, elke keer wat jy een ding byvoeg. Sien? Sien? Dis reg. Dis waar. Sien?

218 Dis wat Eva geneem het. Sy is bevrug met daardie soort van 'n bevrugting. Dis wat die kerk vandag is, deur Bybelskole en intellektuele. En, kyk, elkeen wat verskil van die ander, 'n groot gemors net presies wat die Bybel gesê het: "Babilon."

219 Die Bruid weet waar Sy staan. Sy is baie min. Daar sal nie baie gered word nie; net 'n baie, baie, baie min. Julle sê: "Wel, daar, gesê: 'duisende.'" Ja. Maar hulle het opgekom deur die tweeduisend jaar, ook, op elke eeu waar Dit uitgekom het. Elk . . .

220 Luther se eeu en daardie groep; en toe afgesterf, en hulle het gegaan, gedenomineer; toe Wesley; en toe het die pinksters gekom, ensovoorts. Al die klein vertakkinkies van

Baptiste, Presbiteriaan, Metodiste, Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, ensovoorts, sien, al daardie het daar van daar af vertak soos die blaar.

221 Maar, onthou, toe dit afgegaan het; en die korrel begin ryp word het. Jy vind, voor die korrel kan ryp word, moet alles in daardie stingel dood wees. Halleluja! Kan julle nie sien waar ons staan nie? Lewe is weer in die korrel. Wat is dit? Net presies soos dieselfde korrel wat in die grond ingegaan het, dieselfde Jesus in die Bruid-vorm, selfde krag, selfde Kerk, selfde ding, selfde Woord. Dieselfde Woord wat opgesuig is hierdeur en hier uitgekom het, en 'n kop gevorm het hier. En al daardie Lewe wat hier deurgekom het, het sy mense opgetel. Nou vorm dit op in 'n kop, vir die Wegraping. Praat daaroor môre-aand, of volgende aand, een, as die Here wil.

222 Wel, jy het geskei van jou ou eerste eenwording, deur geestelike dood. Nou is jy wedergebore, of weer hertrou, met die nuwe geestelike vereniging; van nie jou natuurlike lewe van die dinge van die wêreld nie, maar van Ewige Lewe. Daardie kiem wat in jou was aan die begin, het jou gevind.

223 Nou, jou ou boek is weg, saam met jou ou vereniging. Nou, jou naam in jou ou, in jou. . .is oorgedra. Nou, jy sê: "Wil jy vir my sê dat my ou boek. . ." God het dit in die see van Sy Vergetelheid gesit. Jy staan volmaak voor God.

224 Nou, jou naam is nou in die nuwe Boek; nie die boek van die lewe nie, maar die Lam se Boek van die Lewe, wat die Lam verlos het. Nie die ou boek van jou natuurlike vereniging nie, maar jou nuwe, Bruid. Halleluja! Jou nuwe lewe is in die Lam se Boek van die Lewe, jou huweliksertifikaat, halleluja, waar jou ware Ewige kiem, van die begin af, posvat. Nou is jy nie net vergewe nie, maar jy is geregverdig. Glorie! "Geregverdig," het Romeine 5:1 gesê. Ja. Romeine 5:1 het gesê: "Daarom geregverdig deur geloof."

225 Soek die woord op. Die woord beteken nie vergewe nie. Die woord beteken geregverdig. Dit beteken nie jy is vergewe nie.

226 Byvoorbeeld, jy hoor ek het dronk geword en—en 'n paar bose dinge gedoen, en alles. Dan kom jy verby, sê vir my. Jy vind uit ek het hulle nie gedoen nie, dan kom jy verby, sê: "Broer Branham, ek vergewe jou." Vergewe my? Ek het dit nie gedoen, in die eerste plek nie. Sien?

227 Nou, as ek dit wel gedoen het, is ek skuldig. Maar jy kon my vergewe, en ek sou nie skuldig wees nie. Maar steeds is ek nie geregverdig nie, omdat ek dit werklik gedoen het.

228 Maar die woord, *geregverdig*, is asof jy dit nooit gedoen het nie. Amen. Dit word glad nie eens geag nie. Hoe word dit gedoen? In God se Boek van die See van Vergetelheid, is jou ou boek en troue geskei en dood. Dit is nie eens in die herinneringe van God nie. Amen. Jy is geregverdig. "Daarom geregverdig." Dit was aangekla. Jy was aangekla. Jy het dit nooit gedoen, in

die eerste plek nie. Die ou vereniging is in die See van God se Vergetelheid. Jy was nie daarmee getroud, om mee te begin nie. Hy, die Bruidegom, het jou skaamte gedra, Self, vir jou, in jou plek. Hy het jou plek geneem, want jy is voorbestem vir Hom, om in Sy Bruid te wees, voor die grondlegging van die wêreld. Die Bybel het so gesê. Jy is die voorbestemde Saad.

229 Hoe het dit gebeur dat jy dit gedoen het? Jy was daarin mislei deur jou eerste troue, met jou egbreukende ouer, Eva. Dis nie jou eie fout nie. Deur jou natuurlike geboorte, het jy na Eva gekom, wat egbreuk gepleeg het. Dis die rede waarom jy ’n egbreukster gebore is. Jy is ’n sondaar om mee te begin. Dis reg. Jy is mislei daarin. Jy het geen . . . Nee, jy, dis nie jou fout nie.

230 Jy het dit nooit gedoen nie. Want, daardie kiemetjie wat in jou was, moes jy wees, voor die grondlegging van die wêreld. God het jou naam in die Lam se Boek van die Lewe geplaas.

231 Soos my arend storietjie, almal van julle het dit gehoor. ’n Hen . . . Ou boer het ’n—’n hen, eenkeer, laat broei. So hy het nie genoeg henne uit gehad . . . eiers om onder die hen te gaan nie. So toe het hy ’n arend-eier gevind, en hulle het dit onder hom geplaas. Toe die arend gebore is, was dit die snaakste hoender wat daardie hoenders ooit gesien het, klein ou arendjie wat aangegaan het. En die hen sou gaan: “Kloek, kloek, kloek, kloek.”

232 Arendjie het gesê: “Ek weet nie hoe daardie ding klink nie, maar ek volg haar, in elk geval.”

233 En hulle het uitgegaan in die werf en in die mishope begin krap. En sy: “Kloek, kloek, kloek. Hierdie is goed. Hierdie is goed. Jy sluit by ons s’n aan. En hierdie is wat . . . ”

234 Daardie ou arendjie, hy kon nie daardie goed eet nie. Sien? Hy net—hy het net saamgegaan met die hoender, omdat hy nie geweet het nie. Hy het nie geweet wat om te doen nie. En toe het sy daar uitgegaan, en sy sou *dit* of *dat* kry. Die arendjie net . . . hy moes dit net inhou, maar hy—hy het nie geweet hoe om dit te doen nie. Hy het al die hoenders dit sien doen, maar daar was iets anders. Hy het nie daarvan gehou nie.

235 So, eendag, die moeder het geweet dat sy twee eiers gelê het. So sy het begin soek na daardie ander een, aan die rondvlieg, soek, soos die groot Heilige Gees. Eendag het hy gevlieg oor die werf, daardie denominasie. Sy het daar afgekyk, en sy het haar babatjie gesien. Sy het geskree. Dit was die Stem van iets wat ge-eggo het uit sy binneste. [Leë kol op band—Red.] O, Dit klink reg! O! Laat ’n ware voorbestem-geborene kiem, voorbestem deur God, die Woord van God hoor, is Dit musiek vir hom. Hy weet Dis die Waarheid.

236 Hy’s moeg van al daardie denominasionele goed, in elk geval: “Sluit by ons aan. Kom, gaan saam met ons. Ons het ’n sosiale partytjie. Ons het *hierdie*. Ons het . . . ” Dit het net nie reg geklink, vir die klein kêreltjie nie.

237 Sy het gesê: “Seun, jy hoort in elk geval nie in daardie groep nie. Jy behoort aan my. Jy’s myne.”

238 Hy het gesê: “Mamma, dit klink eg. Hoe gaan ek uitkom?”

239 “Maak net ’n sprong. Ek sal jou vang.” Uh-huh. Dis al wat jy moet doen.

240 Die gesalfde Woord van God wat bevestig word voor enige mens wat gebore is om ’n seun van God te wees, met die voorbestemde kiem in hom vir hierdie uur, hy sal God se Boodskap sien, so seker as wat daar ’n God in die Hemel is. Martin Luther het Dit vir syne gesien. Wesley het Dit vir syne gesien. Die pinkster het Dit vir syne gesien. Nou wat van jou? Sien? Hulle het in ’n denominasie ingegaan. Hier is die Woord wat dit veroordeel; vir julle sê wat ons moet hê vandag, en net presies Maleági 4, en al hierdie ander beloftes vir die uur. Wat sien julle? Waarna kyk julle? Amen. Hier is ons. Die ware, egte arende hoor. “My skape ken My stem. Die vreemdeling sal hulle nie volg nie.”

241 Hoekom? Dit is daarin geplaas deur voorbestemming. Jy is voorbestem tot ’n seun van God. Jy was in God voor die grondlegging van die wêreld. Jy is net gemanifesteer in hierdie dag tot Sy eer en heerlikheid. Hoe kan jy dit doen sonder om Sy Woord te eer, en by elke Woord van God te staan? Ja, meneer. Wat, jy is ’n deel van daardie Woord, deur voorbestemming. Want, kyk, die God is die Woord. Glo julle dit? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Wel, dan, as. . .Hy was altyd die Woord. “In die begin was die Woord.” En as die Woord God was, dan was jy in God. Die Woord, die rol wat jy moet speel, was in God voor die grondlegging van die wêreld. Hy het jou gesien. Hy het jou geken. Hy het jou voorbestem daarvoor.

242 Ek sê julle, net soos daardie arend daardie stem herken het, so herken ’n—’n ware, wedergebore Christen, die Woord van God, wat deur die Woord spreek, wanneer hulle Dit gesalf en bevestig sien. Kyk. Hy het *Daar* boontoe gekyk. Hy het nie hierdie ou hen *hieronder* sien rond kloek—kloek nie: “Sluit by ons aan en gaan *hiernatoe*. En gaan *dit*, en gaan *hiernatoe* en *daarnatoe*,” nie. Hy het ’n—’n wese gesien soos hy wou wees, wat in die lug seil, skree, vry, bo in die hoogtes, bokant al die aasvoëls en dinge van die aarde. Halleluja! Hy wou dit wees, omdat dit in hom was om dit te wees.

243 En ’n man wat gebore is uit God, ’n seun van God, moet die natuur van God hê. Hy moet soos God wees. Hy eer God. Hy’s ’n deel van die Woord van God. En in hierdie laaste dae, van hierdie Bruid wat vorm aanneem, net presies dieselfde krag wat Hy was aan die begin, het opgekom deur hierdie organisasies, ensovoorts, en uitgekom vir die Bruid. Hy kan niks anders behalwe dit wees nie.

244 Hulle moes Dit gesien het, daardie Jode, in hulle dae, toe hulle Dit gemanifesteer gesien het daar voor hulle, soos die

profeet gesê het Hy was. Hy het gesê: "Ondersoek die Skrifte; in Hulle dink julle julle het Ewige Lewe. Hulle is Dié wat getuig van My. As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My nie glo nie. Maar hoewel julle My nie kan glo nie, glo die werke wat Ek gedoen het."

245 Hulle het gesê: "Ons vaders het manna geëet in die wildernis vir veertig jaar. Ons weet waar ons is."

246 Hy het gesê: "En hulle is elkeen dood," dis, Ewig geskei. Elkeen het gesterf. Daar was net drie, twee wat uitgekom het uit 'n miljoen, tweemiljoen. Dis een in 'n miljoen.

247 Wel, 'n inspuiting, die sperm van manlike en vroulike, daar's gewoonlik een eier vrugbaar. Daar's een eier, een kiem wat vrugbaar is, julle ooit kruisteling gesien het in beeste. Let op. *Hier* is 'n—'n miljoen eiers; *hier* is 'n miljoen kieme; en wanneer hulle vrygestel word—word, om bymekaar te kom na die baarmoeder, deur die buis kom en in die baarmoeder in, ontmoet hulle. Een van hulle is eiers. 'n Miljoen eiers; 'n miljoen kieme. Daar's net een vrugbare eier daarbinne. Daar's net een vrugbare kiem. Hulle lewe almal. Jy kan daardie kalfies sien rondslaan daarbinne, 'n kolletjie wat jy op 'n vuurhoutjie stokkie kon sit.

248 En Demos en hulle luister vanaand, en hy onthou toe ons hulle geneem het. Hy het my soontoe geneem, my gewys hoe dit gewerk het. Proefbuise, en sit net genoeg in wat jy op die punt van 'n vuurhoutjie kon sit. Dit was duisende kalfies en bulle daarbinne, maar net een van hulle kan lewe. Net een van hulle! En hier is 'n groot bal van hulle, *hier*. En jy sal oplet, een sal uitkruip vanuit hierdie een *hier*, net hier oorkant, die kiem wat *hiernatoe* kom; en 'n eier sal uitkom onder hierdie ander eiers *hier* oorkant, en hulle sal bymekaar kom. En die res van hulle sterf. Tog, hulle is lewendig, maar hulle sterf.

249 Want, daar is Iets, Iemand, wat *hierdie* een vrugbaar gemaak het, en *hierdie* een verordineer het, ook. Dis voorbestemming, my broer. Sekerlik. God moet bepaal of dit 'n seun of 'n dogter gaan wees, rooikop, swartkop, of wat dit ook al is. Dis bepaal deur God. Meer verborgenheid as 'n maagdelike geboorte, vir my. Maar, let op, die res van hulle sterf.

250 Daar was tweemiljoen mense wat uitgekom het, gesing het, geskree het, alles gedoen het. Gepraat in . . . nooit in tale gepraat nie. Maar hulle het geskree, en—en God geprys, en op-en-af met die see gedans, en alles gedoen wat al die res van hulle gedoen het, maar daar was net twee wat in die beloofde land ingegaan het. Kaleb het ingegaan, Kaleb en Josua, net twee. Dis een uit 'n miljoen. Dis een uit 'n miljoen in natuurlike geboorte. Elkeen van hulle het dieselfde seëning gehad.

O, julle Pinksters, ek hoop julle word nie te laat wakker nie.

251 Een uit ’n miljoen. Kyk. Daar is veronderstel om vyfhonderd miljoen sogenaamde Christene in die wêreld te wees vandag. As Jesus sou kom, sou daar dan net vyfhonderd saam met Hom gaan, as daardie statistiek eg sou wees. Wel, daar’s meer as dit vermis elke dag, oor die wêreld. Hulle weet niks daarvan nie.

252 “‘Ek verstaan,’ het die Skrifgeleerdes gesê: ‘jy weet dat. . .’ Hoekom sê die Skrifgeleerdes dat—dat: ‘Elía eers moet kom’?” Hulle het vir Jesus gesê.

253 Hy het gesê: “Elía het alreeds gekom, en julle het dit nie geweet nie.” Sien? Hy het net presies gedoen wat die Skrifte gesê het met Hom moes gebeur. Sien? “So moet die Seun van die mens ly. Onder. . .” Hulle het Hom nie herken nie. Tog, was hulle almal in die kerk. Almal het aanspraak gemaak om lewendig te wees.

254 Jy sit ’n ware, wedergebore Christen, ’n ware dienaar van God, hoor daardie Woord van God, sal hy reguit uit deur elke denominasie kom, na die ware vrugbare grond, deur die Woord, die beddinggrond. Hy sal dit net doen. Ek weet nie hoe hy dit doen nie. God het verordineer dat dit gedoen word.

255 Jy was mislei in die begin, deur jou eerste troue. Nou weet jy wat waar is. Net soos ek gesê het, die arendjie toe hy die Bruidegom se Stem gehoor het, het hy daarnatoe gegaan, die gesalfde, bevestigde Woord van God vir die laaste dag.

256 Noag was die bevestigde Woord vir sy dag. Glo julle dit? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Wel, sy boodskap sal nie vandag werk nie.

257 Moses was die bevestigde Woord van sy dag. Glo julle dit? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Dit sal nie vir nou werk nie. Jesus was. . .

258 Johannes was die bevestigde Woord. Glo julle dit? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Dit sou nie werk in die dae van Jesus nie. Beslis nie. Nee, meneer. “Wet en profete was tot Johannes. Van toe af, die Koninkryk van die Hemel.”

259 Die apostels, hulle wat die Bybel uiteengesit het. Hier kom Luther uit, in hervorming, sy woorde, daardie, sy kerk, sal nie vandag werk nie. Wesley s’n sal nie. Pinkster s’n sal nie. Dit het gewerk in hulle dag.

260 Maar dis ’n ander dag. Hierdie is die oopmaak van die Sewe Seëls. Ek weet Dit klink vreemd vir julle, maar God het dit so volmaak bevestig. Daar’s geen—geen vraag Daarin nie. Net volmaak! Ek versprei dit nie na die plaaslike gemeente hier nie. Ek praat met die mense buite oor die volk. Sien? Doen wat julle wil.

261 Nou let die gesalfde Woord van sy dag op, waarvan jy ’n deel is, deur voorbestemming. Jy het onmiddellik, soort van,

geweet. Toe jy Dit hoor, het jy sommer vinnig geweet dat jy 'n arend was. Jy het ook besef dat jy nie 'n denominasionele hoender was, om mee te begin nie. Jy het geweet daar is iets verkeerd daar. Daar is iets verkeerd, dis reg, want jy weet dat jy daarin verstrik was, aan die begin.

262 Hy, die Bruidegom, het jou skande weggeneem: "En dit in die See van Vergetelheid gesit, deur die was van die Water van die Woord, en die Bloed van die Lewe." Dis wat die Bybel gesê het. Jou eerste man waarmee jy getroud was, die wêreld; die gesalfde Bruidegom, wat jou verordineer het, het jou gewas deur die was van die Water. Deur "die kerk"? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Dit klink nie reg nie. Klink dit? ["Nee."] Jy mag dit in die almanak kry, maar nie in God se Bybel nie. "Deur die was van die Water deur die Woord." In die Woord! Sien? Deur die . . .

263 Jy staan heeltemal geregverdig, asof jy dit nooit gedoen het aan die begin nie. Hierdie is my Boodskap aan die Kerk nou. Soos julle . . . soos ons van die lug afgaan, binne 'n minuut. Julle staan, as julle staan op God se Woord en by God se Woord, elke amen, elke jota, elke tittel. Waar staan julle? Ek probeer julle sê, trek weg van daardie doppe. En kom hier in die koring in, waar julle kan ryp word voor die Seun. Ek hoor die koms van die stroper. Julle staan volledig, geregverdig, net asof julle dit nooit gedoen het in die eerste plek nie. Halleluja!

264 Praat van 'n danksegging! Ek voel baie goed. Ek is meer dankbaar daarvoor as enigiets waarvan ek weet.

265 Julle is die suiwer, maagdelike, sondelose Bruid van die Seun van die lewende God. Elke man en vrou wat gebore is uit die Gees van God, en gewas is in die Bloed van Jesus Christus, en elke Woord van God glo, staan asof julle nooit gesondig het in die eerste plek nie. Julle is volmaak. Die Bloed van Jesus Christus! Hoe kan jy . . . As 'n man . . .

266 As ek veronderstel was om te sterf in die oggend, 'n man my plek geneem het, kan ek nie sterf vir daardie sonde nie. Iemand het my plek geneem.

267 En Jesus, die Woord, het my plek geneem. Hy het ek geword, dat 'n sondaar, dat ek Hy kon word, die Woord. Amen. Laat my getrou bly Daaraan, nie die kerk nie. Die Woord! Amen.

268 O, daardie geestelike vereniging van Christus en Sy Kerk nou, wanneer die vlees Woord word, en die Woord vlees word, gemanifesteer, bevestig. Net wat die Bybel gesê het sou gebeur in hierdie dag, dit gebeur, dag vir dag. Wel, dit neem so vinnig toe daarbuite, in daardie woestyne, en dinge wat plaasvind, dat ek nie eens daarmee kan byhou nie. Ons nader die Koms van Jesus, om verenig te word met Sy Kerk, waar die Woord die Woord word. Roep van die Heilige Gees, wat die harte deursoek!

269 Julle staan, volledig. Julle het nooit gesondig in die eerste plek nie. God weet nie eens nie. Dis in die See van Vergetelheid. Jy het dit nooit gedoen nie. Jy was daarvan beskuldig, deur die aanklaer. Maar regtig, van die begin af, was jy voorbestem om 'n seun en dogter van God te wees. Jy staan daar, gewas. En jou ou boek van egskeiding is weggesit, en is dood, bestaan absoluut nie meer nie, selfs in die gedagte van God.

270 Jy's die maagdelike Bruid van Christus, gewas in die Bloed van Christus. Kosbaar, maagdelik, sondelose seun van God wat staan met 'n suiwer, onvervalste Bruid-Woord, wat Hy gewas het deur die Water van Sy Eie Bloed; wat vlees geword het en gemanifesteer is, dat Hy julle kan neem wat voorbestem is in die boesem van die Vader, voor die begin, dieselfde as wat Hy was. Hy was daardie groot eienskap van God, naamlik "liefde."

271 Wat julle ook al is, julle is dienaars van God, wat ook al God wil hê julle moet doen, waar julle plek is. "God het in die kerk geplaas, sommige apostels, profete, leraars, pastore. . ." Hy het dit geplaas volgens Sy Eie voorbestemming. En jy was dit, om mee te begin.

272 Jou eerste troue was nietig verklaar. Dit was. Jy het dit nooit gedoen, in die eerste plek nie. Want, daar's net een ding wat dit kon doen, dit sou God wees wat afkom, Self, en jou plek in die vorm van die Seun van God, Jesus Christus, inneem, en jou gewas deur die Water, van die was van die Water deur die Woord. Die Woord; nie die denominasie nie! Die Woord het jou gewas. Maar as jy nie in die Water van die Woord wil staan nie, hoe gaan jy gewas word? Jy's steeds so gevlek soos Eva was.

O, kosbare sterwende Lam, U kosbare Bloed
Sal nooit Sy krag verloor nie,
Tot die hele vrygekoopte Kerk van God
Gered sal word om nooit weer te sondig nie.

273 Wat is sonde? *Sonde* is "ongeloof." Ongeloof in (wat?) die Woord; ongeloof in God, wat die Woord is.

274 Suiwer, onvervals; o, halleluja; wat spoedig na die hemele vertrek; amen; wat gereed staan. Dink. Julle klere, gewas deur die Water van die bloeiende Woord! Die Woord het Bloed geword. Die Woord het vir julle gebloei, en julle is gewas in bloeiende Woord. Die Woord, wat bloei! Die Lewe van God in die Woord, en die Woord is gebloei vir julle, dat julle gewas mag word van die gemors van hierdie prostitute, en skoongemaak en geheilig kan word deur die was van die Water van die Woord, en julle gedagtes en hart laat bly op God en op Sy Woord.

275 Nou, hoe weet julle Dis waar? Wanneer God afkom en Dit bevestig en bewys.

276 Jy sê: "Wel, ek het Dit nie so geglo nie." Hulle het Dit nie op Jesus se manier geglo nie, maar God het Dit bewys. Hulle het Dit

nie geglo op Noag se manier nie. Hulle het Dit nie geglo op Moses se manier nie. Hulle was gewillig om Bileam se woord Daarvoor te neem: "Ons is almal dieselfde, so laat ons net saamkom."

"Sonder julleself af," het die Bybel gesê: "van ongeloof."

277 Halleluja! Nou let op. Julle is nie net dit nie, maar julle gaan na die Bruilof in die lug. En julle dra die trouring van voorbestemming, onverdiende genade, 'n trouring van genade, onverdiend deur julleself. God het dit gedoen, Self. Hy het julle geken voor die grondlegging van die wêreld, so Hy het die trouring aan julle geglip Daar, julle naam op 'n Boek geplaas. Wat 'n danksegging! Halleluja! Prys ons God!

278 Nou, ter afsluiting, mag ek dit sê. Ons weet almal dat die moderne kerk, Pinkster, in sy huidige toestand, al die denominasies saam! Ek sal hulle almal in een bondel gooi, want hulle is. Onthou, Hy gaan die onkruid bondel, eers, en hulle verbrand. Neem die . . . Hy neem al die koringstingels en verbrand dit alles, eerste. Dan neem Hy, kom en kry Sy koring, en neem dit Huis toe. Hulle kom almal bymekaar in 'n bondel, bondel van Metodiste, Baptiste, Pinksters, wat almal na die Ekumeniese Raad gaan. Dis al. Hulle word almal verbrand. Sien?

279 Ons weet almal dat die moderne kerk, in sy huidige toestand, en sy huidige staat, is in geen toestand om die groot opdrag te voltooi wat God die kerk vir hierdie dag gegee het nie. Hoeveel Pinksters kan "amen" sê daarop? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Reg. Sien? Dis in . . .

280 Ons is eenheid, tweeheid, drieheid, *dit*, *dat*, *ander*, stry, baklei. Een is *hierdie*, en een is *daardie*, en *ander*. En elkeen van hulle, bang om die Woord te trotseer, regaf na die toets. Sien? Hulle weet. Jy hulle Daarvan vertel; sê hulle: "Ek—ek kan dit nie help nie. Ek kan Dit nie glo nie. Ek gee nie om wat hy doen nie. Ek . . . " Sien? Sien? Sien? Wys watter mammie en pappie jy het. "Jy mag 'n staatspresbiter wees eendag. Jy mag *hierdie*, *daardie*, of die *ander* wees." Jy beter 'n seun van God wees.

281 Nou, ons weet dat die kerk nie kon, die Pinksterkerk, onder geen omstandighede, onder geen omstandighede, die laaste dag Boodskap kon uitvoer in sy huidige toestand nie. Kon dit? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Wel, dit kan nie eens saamstem op een of twee Woorde in die Bybel nie. Hoe gaan jy dit doen? Dit kan dit nie doen nie. So, julle sien, denominasie is uit. Dis reg.

Dit gaan uitverkore mense wees wat daarvoor uitverkies is. Sien?

282 Nou weet, en so weet elkeen van ons, dat die hele groep van denominasionele, Pinkster en almal, dood is, dit is, vir die wedergebore Christen van die Boodskap. Uh-huh. Jou eerste man is dood. Jy weet hy's dood. God het dit laat sterf. Dis klaar. Al sy wetenskaplike, intellektuele, opvoedkundige,

wetenskaplike maniere van sy sogenaamde Bybelskole en dinge het vergaan. Wat het dit gedoen? Geskei, eenheid *hier*, en drie-eenhede *hier*, en tweeheid *hier* en *hier* oorkant, en *hier* onder, en so ’n gemors, en noem hulleself Pinksters.

283 Wel, ek het na ’n jong man gegaan, eendag; luister reguit in, net nou. En ’n jong vrou, sy het aan ’n sekere kerk behoort. Sy het gesê. . .Ek het gesê. . .Hulle het geskei. Ek het gesê: “Wat’s die probleem?”

Gesê: “Ons is van ’n verskillende geloof.”

Ek het gesê: “O, ek’s jammer. Is julle Katoliek?”

284 Sy het gesê: “Nee.” Sy het vir my gesê die denominasionele kerk waaraan sy behoort, ’n Pinkster.

285 Ek het gesê: “Wat is *jy*?” Hy’s Pinkster, ook, maar ’n ander denominasie. O!

286 Julle weet, die Rooms Katolieke kerk het as Pinkster begin? Hoeveel weet dis waar? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Dit het tweeduisend jaar geneem om te kom waar dit nou is, net om niks van die Skrif meer te neem nie. Niks. Wel, die Pinkster, binne twintig jaar van nou af, sal erger wees as wat hulle nou is, dit so laat bly voortgaan soos dit nou is. Wel, sekerlik. Sien? Wat is dit? Wat is dit? Kyk wie hulle pappa en mamma is. Laat hulle vroue hulle hare sny. Hulle kan omtrent enigiets doen wat hulle wil. “Solank hulle aan die kerk behoort, is dit al wat nodig is.”

287 O, geen wonder, geen wonder die oordeel van God hoop op nie! God het Dit reg voor julle oë gesit. Julle sluit julle oë en wil nie Daarna kyk nie. Ja. Julle hart van medelye sluit, wanneer julle die ware Woord van God en hierdie Sewe Seëls sien bevestig word en bewys word as sulks. En getuienis in die hemele, oor die volke en oral anders, deur groot tekens en wonders, wat Hy belowe het Hy sou doen, dan sluit julle af, sê: “Ek—ek weet nie. Ek—ek kan dit nie help nie. Ek. . . ” Sien? O, goeiste! Dis dood, en weet dit nie. Sondes en oortredinge! Julle is dood. O, goeiste!

288 Ons almal weet dat die kerk in daardie toestand nie hierdie laaste dag kan voltooi nie. Hoe kan dit Maleági 4 inbring? Hoe kan dit dit doen? Hulle glo nie eens in so-iets nie. Hoe kan dit glo, Lukas 17:30 inbring? Hoe kan dit al hierdie ander Skrifte inbring wat hierdie laaste dag belowe is? Dit kan dit nie doen nie, want dit ontken Dit. “Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees in die Koms van die Seun van die mens.”

289 Kyk na die toestand, Lot, waarin Sodom was, in daardie dag. Kyk, toestand die kerk van die dag. Kyk wat gebeur het met Abraham, die Uitverkorene.

290 Kyk wat gebeur het met Lot en hulle onder in Sodom. Kyk na die Billy Graham en Oral Roberts, hulle daaronder onder daardie denominasie. Kyk na die uitverkore Abraham Kerk, uitgetrek.

291 Kyk watter soort teken, daardie Jesus Self, die vleesgeworde God wat daar in menslike vlees staan. Julle sê: “Dit was ’n Engel.” Die Bybel het gesê Dit was God.

292 Here God, Elohim, daar staan in menslike vlees, gewys dat Hy Sy Kerk so sou salf in die laaste dae. Dit sou God wees wat weer in menslike vlees werk. “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die Koms van die Seun van die mens.” Selfde soort van ’n ding. Hulle sien dit reg daar in die Skrifte. “Lees Dit. Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle julle het Ewige Lewe.” En Hulle is Dié wat Hiervan getuig. Sien? Sien?

293 So, ons weet hulle is dood. God het dit laat sterf in sy eie selfsugtige, wetenskaplike, opvoedkundige program.

294 Al die Pinksters het altyd gepraat van—van hulle kind wegstuur na Bybelskool, destyds toe ou Broer Loyate, hulle hierrond was, en hulle jou uit die kerk sou jaag. “Maar, o, nou is dit die grootste ding. My seun is weg in Bybelskool.” Hy grawe sy graf. So, nou, dink julle hulle kon Dit neem, vandag?

295 Julle dink ek probeer onkunde ondersteun? Ek doen dit nie. Ek sê vir julle daar is ’n verskil tussen hierdie intellektuele eeu, waarin ons lewe, waar die kerk bevrug is met wetenskap en al hierdie sogenaamde “uitdink” en alles. Jy dink nie God uit nie.

296 Wel, daardie—daardie priesters het God so volmaak uitgedink gehad. Hulle het geweet hoe die Messias sou kom, maar Hy het so anders gekom as wat hulle dit uitgedink het. Dit was nie wetenskaplik nie. “Hoe kon hierdie Man, as ’n buite-egtelike Kind? Waar het Hy skool toe gegaan? Waarvandaan het Sy opvoeding gekom? Waar het Hy hierdie geleerdheid gekry?”

297 “Wel, probeer Jy ons Leer? Jy’s gebore in ontugtighede.” Sien? O, om liefdeswil!

298 Sien dieselfde ding herhaal? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Sien dit weer herhaal? Alles in hulle godsdienstige wetenskap, godsdienstige wetenskap volgens wat hulle Bybelskool gesê het, dis hoe hulle Dit wil hê. “Dis hoe Dit moet wees, of Dit is nie.”

299 God kul hulle net, elke keer. Dit kom altyd anders. Dit het in Noag se tyd; het in Moses se tyd; het in Christus se tyd; het in Johannes se tyd; het in dissipels se tyd; het in Wesley se tyd; het in Luther se tyd; het in Pinkstertyd; en so het dit weer. Dit verander nie Sy patroon nie. Kom altyd dieselfde ding. Slegs hervormers deur daardie sewe, ses eeue, tot die sewende. En Openbaring 10 het gesê, in hierdie uur sal dit verander. En dit het.

300 Nou sluit ons af, deur dit te sê. Die groot opdrag voltooi, hoe kan hulle dit doen? Ons weet hulle is dood. God het dit laat sterf in hierdie wetenskaplike eeu, alles daarvan, sodat—sodat Hy kon (wat doen?) die Sewe-Seël verborgenheid oopmaak aan

die ondenominasionele Bruid. Hoe kan 'n denominasie daardie Sewe-Seëls aanvaar, wanneer dit absoluut teenstrydig is, slang se saad en al daardie ander dinge? Die hele, volle sewe verborgenhede is teenstrydig met wat hulle geleer is, omdat hulle die ou skool uit hulle Bybelskool geneem het.

301 En die Sewe Seëls van God, toe Dit daar oopgemaak is op die berg, God sal my net nou by hierdie preekstoel laat sterf as Dit nie die Waarheid is nie. En ek het julle vooraf gesê, 'n jaar en ses maande voordat dit gebeur het, wat Hy vir my gesê het: "Gaan na Arizona," en wat daarbuite sou gebeur in die woestyn. En daar's mans wat net hier sit, vanaand, wat net daar gestaan het en teenwoordig toe die sewe Engele afgekom het. En selfs tyd-. . .Die tydskrif, *Life* tydskrif, het die artikel Daarvan bevat. Dis net daar in die sterrewag, alles. Nou weet hulle nie eens waaroor Dit alles gaan nie.

302 En alles is gesê, o, selfs tot die verwoesting van Kalifornië, wat nou opkom, en al hierdie ander dinge. En hoe ek vir hulle gesê het hoeveel dae dit sou wees, hoe dit sou wees waar hierdie groot aardbewing gebeur het in Alaska, en dit sou die begin van die teken van die tyd wees, en wat sou plaasvind. En net woord vir woord, wat Dit gesê het, het dit nie een keer gefaal nie. Julle het Dit nooit sien faal nie. En Dit kan nie faal nie, want Dis God se Woorde. "En Hemel en aarde sal verbygaan, maar Dit kan nie faal nie." Dis reg.

303 God moes daardie Sewe Seëls oopmaak, nie in 'n denominasie nie. Ek was altyd daarteen. Maar, uit denominasie, Hy 'n Bruid mag neem, nie 'n denominasionele bruid nie. Hy kon dit nie doen nie. Dis teen Sy Eie Woord. Hy het daardie sewe verborgenhede daarbinne oopgemaak. Dit sit uiteen, sit hierdie dinge uiteen wat verborge was vanaf die grondlegging van die wêreld, geopenbaar gemaak mag word in die laaste dae, aan seuns van God. Hulle het Daardie nou uiteen gesit voor die mense, dat hulle Dit daar sien, julle nou, aan hierdie ondenominasionele Bruid. O, goeiste!

304 Daar is julle twee boeke. Een van hulle is die Lam se Boek van die Lewe. Jou naam Daarop is voorbestem Daarop. Dit kan nie gaan nie, want jy kan dit net so min wegneem as niks, sien, want dit was verordineer om Daarop te wees. Maar die gewone boek van die lewe, kan dit op enige tyd afneem. Sien? Jy nie bely nie, is dit af, in elk geval, want jy gaan die Oordeel deurstaan. Die Bruid hoef nie eens die Oordeel te deurstaan nie. Gaan in die Wegraping. Net soos. . .

305 Ek sê dit, ter afsluiting. Dit word laat, so dis amper nege-dertig. En ons gaan hier uit wees om nege-dertig, as die Here wil. Net baie eerbiedig nou, luister. Eenkeer. . .

306 Sê dit nou, dit gaan oor die volk. In New York, is dit nou vyf-en-twintig minute oor elf. Ver bo in Filadelfia en rondom

daardeur, daardie dierbare heiliges wat daar sit en luister, net nou, in kerke oraloor. Ver op, ver af om Mexiko, ver bo om in Kanada en oraloor, oor. Tweehonderd myl, enige plek binne die Noord-Amerikaanse kontinent hier, amper, is mense aan die gang, wat net nou luister. Duisende maal duisende, wat luister.

307 Dis my Boodskap aan julle, Kerk, dis julle wat 'n vereniging is, geestelike vereniging met die Woord, dat julle dood is teenoor hierdie ou mans. Julle is opnuut gebore. Moet hom nie probeer opgrawe nie. Hy's dood. As jy 'n wedergebore Christen is, daardie kiemetjie wat voorbestem is vir jou, dis Woord wat kom op Woord, op Woord, op Woord, op Woord, en in volle gestalte van Christus inkom, dis reg, sodat Hy Sy Bruid kan kom kry. Nou is ons net gereed vir een ding, dis die Koms van die Here.

308 Daar is jou naam op die Boek van die Lewe. Die Boek van die Lewe is die Woord van God, want die Woord is God, en die God is die enigste ding wat Lewe is. So jou naam was verteenwoordig in die Bybel, voor die Bybel op Woord gekom het. En as jy hier is om dit te doen, sal Dit nie daardie Woord bevestig nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sal die Kerk nie Ditself bevestig nie? Sal Maleági 4 nie, al hierdie ander dinge, volmaak, ditself nie volmaak bevestig en wys dat Dit is wat Dit is nie? ["Amen."]

309 Toe Jesus gekom het, het Hy gesê: "As Ek nie die werke doen wat belowe is vir My om te doen nie, moet My nie glo nie." Watter een van die groepe het Hy by aangesluit? Hy het gesê: "Hulle almal. . . Julle is van julle vader, die Duiwel, en sy werke sal julle doen." Sien? Sien?

310 Ons is in die laaste dae, Kerk. Dis my Dankseggingsboodskap aan julle.

311 Nou, voor afsluiting. Eenkeer was ek bo in Glacier Nasionale Park. Ons het gehoor, heeldag lank, dat hulle gehad het 'n—hulle 'n val gehad het, 'n gletservuur wat in die nag sou val. So die mense was besig, heeldag lank, om daardie ding gereed te kry, want hulle sou daardie vuur uitgooi, daardie aand. Hulle het vloeistofvuurvalle gesit, soos 'n groot gletser van water. Maar dis. . . Gelyk soos 'n reënboog, amper, wanneer dit uitkom, van daardie vuur wat uit hierdie gletser val. Oral regdeur die park, vrou en ek, en kinders, rondgeloop deur die dag. Ons wou bly om na daardie vuurvertoning te kyk. So dit—dit—dis belowe aan ons dat ons dit sou sien, en ons dit weer sou sien. Hulle het gesê hulle het dit altyd deur die somerseisoene ensovoorts. Ek het gesê: "Wel, sal ons in staat wees om dit te sien?"

312 Gesê: "Ons is dit vanaand belowe. Ons is dit belowe." Gesê: "Hulle is nou daarbo om dit gereed te kry."

313 Nadat alles gereed gemaak is vir die gebeurtenis! Dis wat net nou plaasvind. Alles is gereed gemaak vir die gebeurtenis,

'n Kerk wat uitgetrek word om Sy Naam's ontwil, Sy Bruid wat uitgeneem word vanuit die wêreld, hierdie denominasies en die hele wêreld, en die gemors en dinge van die wêreld.

314 Almal; die gebeurtenis was gereed gemaak. Almal het buite gestaan. Hulle het gesê: "Nou bly dophou, reg bo-op die top van die berg daar."

315 Dis hoe Dit altyd gekom het. Dis hoe Dit hierdie keer moet kom. Dis hoe Dit altyd kom. Nie deur 'n denominasie nie! Nooit het God 'n denominasie gebruik nie, nooit!

316 Die hervormer gaan uit, hy kry die Woord van die Here. En dan wanneer hy sterf, bou hulle 'n denominasie daaruit. Dis wat die Pinksters en almal gedoen het. Wanneer die nuwe voortvloei, alles, dis net so. Dis hoe die ding uitkom. 'n Nuwe woord bygevoeg, dan bou hulle 'n kerk daaruit, maak 'n denominasie, skei hulleself af. Dit moet so wees.

317 Nou, jy kan nie—jy kan nie die natuur klop nie. Die natuur val in dieselfde roetine die heeltyd; stingel, blaar, pluim, sovoorts, dop, dan die koring.

318 Nou let op. Alles was gereed. Alles is aangesteek en gereed gemaak. En almal het buite gestaan. Ek het my kop opgelig gehad; my arm om my vrou. Ons het gekyk. En kinders wat daar gestaan het, ons almal wat opgekyk het, soos daardie. Goeiste! Dit was iets, want ons het dit verwag. Dit was vir ons belowe.

319 Amen! Die Woord belowe Dit. "Dit sal gebeur, voor die groot en verskriklike dag van die Here sal aanbreek, kyk, sal Ek vir julle Elía die profeet stuur. Hy sal die harte van die kinders terugdraai na die vaders." . . .?. . . "Dit sal gebeur in die laaste dae, Ek sal My Gees uitstort van Bo." "Die vroeë en laat reën sal saam kom in die laaste dag." Al hierdie beloftes, deur die Skrifte, is gegee. Ons kyk boontoe. Kyk na die ware Bruid oor die volk hierdie uur, wat opkyk. Kerk, Hy kom, een van hierdie dae. Net so seker as wat Hy die eerste keer gekom het, kom Hy weer. Kry alles gereed. Skei jouself van die dop. Lê voor die Seun. Bly opkyk. Wees onder verwagting.

320 Meteens, het ons iets van die top van die heuwel gehoor, 'n stem wat afkom deur die luidspreker, gesê: "Alles is gereed."

321 Toe het hierdie man, wat reg langs my sy staan, gesê: "Laat die vuur val." Daar het dit gekom, wat afgiet oor daardie berg, 'n gletser van vuur en vlamme wat lek, 'n gesig om te sien.

322 Broer, laat ons alles gereed kry, want een van hierdie dae gaan die Vuur val. Ons gaan op. Nou laat ons gereed maak vir die Vuurval-tyd. Ons is in die laaste dae. Ons weet dit almal, en ons is gereed vir die Koms van die Here. Die ding om te doen is om jouself te skei van alle sonde. Skei jouself van enigiets wat lyk soos die wêreld. "Moenie die wêreld liefhê of die dinge van die wêreld nie."

323 "Laat geen mens, deur sy geloofsbelydenis, jou mislei nie." Bly jy net reguit in die belofte van God, die Woord van God. En daardie Woord, as Dit 'n Woord vir hierdie dag is, bevestig God Dit so. As Hy dit nie doen nie, is dit nie die Woord vir hierdie dag nie.

324 Die Woord wat geval het op die Pinksterdag sal nie vandag werk nie. Nee, meneer. Dit was vir Pinkster. Hierdie is vir die Bruid, Huis toe gaan van die Bruid. Ons het iets anders. Die Pinksters het dit voorgestel, weer. Ons is in die Bruid-eeu. Net so min as wat die—die Woord van Noag sou werk in die dae van Moses; net so min as wat Moses se wet sou werk in die dag van Paulus hier. Hy het vir hulle probeer sê: "Julle is dood daarvoor, en julle kan dit nie hê nie."

325 Kerk, julle met wie ek praat, vanaand, oor die volk, as—as jy jouself afgesonder het van denominasie en al die gemors en dinge van die wêreld, en al daardie dinge wat jou in mens-gemaakte geloofsbelydenisse en ordes en dinge soos daardie hou, jy jouself afgesonder het. Kyk op. Maak gereed. Die Vuur gaan val, een van hierdie dae. God gaan Hom laat kom, 'n gesig om te aanskou. Sou jy gereed wees as Hy kom? Sou jy gereed wees om op te gaan saam met Hom, as Hy kom? Die geheime Wegraping van die bonatuurlike Bruid: "Sy sal gemaak word sterf-. . .van sterflik na onsterflikheid; verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink. Ons wat lewe en oorbly sal nie hulle wat ontslaap het verhinder nie."

326 Nou die dag, op Wapenstilstand Dag, het ek daar gestaan in Tucson. My seuntjie wou die parade sien. Ek het gestudeer, en ek het nie tyd gehad om dit te doen nie. Ek het 'n klomp siekte-oproepe en dinge gehad. So hy het gesê: "Pappa, hulle wil my nie neem nie." Hy het gesê: "Neem my."

327 Ek het gesê: "Goed." Broer Simpson, ek dink hy's hier, en sy seuntjie wou gaan. So ek het hulle in die motor gepluk en afgegaan.

328 Ek het daar gestaan op die hoek en dopgehou. En naderhand, het ek gehoor, ver agter in die verte, 'n mompel wat kom: "womp, womp," dromme, wat slaan. Ek het daar gestaan. Ek het gedink: "Wel, hierdie kêreltjies, hulle het regtig al die boeke gelees van die weermag. Hulle sou regtig daarvan hou." Ek het opgelet, wat eerste opgekom het, was die ou Wêreldoorlog I tenk. Daar het hulle opgekom, klein kêreltjies soos daardie. Daar het volgende gekom, daarna; was die volgende wat daarna gekom het, was die groot nuwe tenk van die Tweede Wêreldoorlog, die groot Sherman tenk met 'n loopskeiding daarop. Toe het die volgende gekom, en die volgende, en naderhand het die Goue Ster Moeders gekom.

329 Daarna, naderhand, het daar twaalf veterane gekom, wat oor was, in die hele staat van Arizona, uit die Eerste

Wêreldoorlog; twaalf veterane. Daarna, het daar ’n vlot gekom, die onbekende soldaat, die klein wit kruisie. Daar het ’n matroos gestaan, marinier, en ’n soldaat, wat wag gestaan het; ’n klein afskortinkie op die vlot. Op die ander kant was ’n ou gryskop-moeder, wat gesit het met ’n goue ster aan haar vasgespeld, ’n pragtige vroutjie wat huil, haar man was dood; ’n vervlenterde seuntjie, sy kop skeefgedraai. Sy pappa is doodgemaak. En dan agter dit, het meer en meer en meer gekom, en toe na die nuwe weermag. Ek het daar gestaan. Wat ’n gesig om te aanskou, maar hoe droewig!

330 Ek het gedink: “O God, een van hierdie dae gaan ek ’n ander gesig aanskou.”

331 Hulle sal voortkom ’n opstandingsdag, wat: “Die eerste laaste sal wees; hulle wat laaste is, eerste sal wees.” Die ou profete sal eerste uitgebreek kom, eerste, en hulle sal daardie optog sien gaan, wat opmarsjeer in die lug. “En ons wat lewendig is en oorbly, sal nie hulle wat slaap verhinder nie. Want die basuin van God sal weerklink, die dooies in Christus sal eerste opstaan.” Ons sal reg in lyn val met hulle wat ingaan, halleluja, regaf deur die eeu van Luther, Wesley, Metodis, Presbiteriaan, aan af na die laaste eeu, wie die Woord in hulle eeu ontvang het.

God seën julle. Kry alle dinge gereed, en die Vuur sal val.

332 Laat ons ons hoofde buig net ’n oomblik. Ek wonder, in hierdie sigbare gehoor vanaand, terwyl ek julle hier gehou het vir. . . tot nege-dertig. Is daar een hier, is daar ’n dosyn hier, hoeveel hier, en sê: “Broer Branham, ek is skaam vir myself, hoe ek gelewe het. Ek het baie ag geslaan op ’n denominasie en manne. Ek weet ek is nie reg met die Woord van God nie. Ek gaan jou net vra om vir my te bid, Broer Branham”? Steek jou hand op. God seën jou. God seën jou. Kyk net, ver bo in die balkonne, rondom. God seën jou. “Ek weet. . .” Nou moenie skaam wees nie. Nou, moenie wees nie.

333 En buite oorkant, oor die volk, vanaf New York na Kalifornië, vanaf Kanada na Mexiko, julle mense wat vergader is in daardie kerke waar daardie getroue groepies wat hierdie Boodskap geglo het met hulle hele harte. Hulle het uitgekom, uit groot verdrukking gekom, uitgekom deur daardie denominasies. Hulle is kieme van die Lewe. Voel julle die drang, vanaand, soos die arendjie, dat julle Iets hoor wat ’n bietjie anders is van wat julle gehoor het, maar, tog, in julle harte weet julle dis die Waarheid? Julle, daarbinne, daar’s ’n pastoor wat daar iewers staan. Julle het julle hand op. Ek gaan vir julle bid.

334 Hierdie dinge is nie in ’n hoek gedoen nie, vriend. Onthou: “Nou is die poort en smal is die weg, en daar is min wat dit sal vind.” Moenie saamgaan met daardie skare wat daar

aanbeweeg nie, vriend, daardie Laodicéa Kerkeeu nie. Dit kan op-en-af spring, onder musiek dans, lou-warm. Het nou nie gesê dit was yskoud nie. Dit het gesê: "Dit was lou-warm," dis die Pinkster: "en weet nie dat dit ellendig, beklaenswaardig, blind is nie." Blind waarvoor? Die Woord, vir die manifestasie van die Woord, want Dit het nooit deur hulle organisasies gekom nie. Hulle kan Dit nie ontvang nie.

335 En julle predikers daaronder in Tucson, vanaand, ek hou julle nie verantwoordelik daarvoor nie. God wel. Ek was daar vir drie jaar. Ek het vir julle gesê ek sou nie 'n kerk begin nie. Ek het nie. Broer Pearry Green het dit begin. Ek was daar drie jaar, en nie een keer het julle my uitgenooi na julle preekstoel nie. Ek het in Tucson gesit vir amper drie jaar. God sal my uit die woestyn neem een van hierdie dae. Hierdie Boodskap moet lewe. Ek het my bes probeer om in te kom by julle. Ek—ek weet waarom julle dit gedoen het. Hoor julle? Enigste rede waarom julle dit gedoen het, julle denominasie sou julle uitskop. En julle weet, baie van julle waarmee ek gepraat het, daar by Furr se Restaurant, en julle weet dis die waarheid. Skaam julle.

336 Kom daar uit. Kom daar uit, broer. As daar enige Lewe in jou is, sal jy soos daardie arendjie wees waarvan ek pas gepraat het, jy sal die Woord van God hoor. Onthou, jy gaan Dit hoor vir die laaste keer, een van hierdie dae. Ons is nou baie naby. Sal jy nie kom, vanaand nie?

337 Dierbare God, ons sit nou plegtig, 'n danksseggingsdag is dit werklik, Here. Ek is dankbaar, Here, om in hierdie dag te lewe. Hierdie is die grootste dag. Paulus, die apostel, het verlang om hierdie dag te sien. Die groot manne van ouds het verlang om dit te sien. Die profete het verlang om dit te sien. Hulle het gesoek na hierdie dag. Abraham het gesoek na hierdie dag, want hy't gesoek na 'n stad Wie se Boumeester en Oprigter God was; dit hang net bo ons, vanaand. Johannes het die Gees van God sien neerdaal uit die Hemel, getuig, geweet dat dit die Seun van God was. En, dink nou, Hy kies Sy Bruid.

338 Dierbare God, buite oor die land oral, praat met hulle hart. U is die enigste Een wat hulle hart kan verander. As dit nie Saad was wat daar ingeplaas was aan die begin nie, sal hulle Dit nooit sien nie, Here. Hulle net . . . "Die blindes sal die blinde lei. Hulle sal in die sloot val." So seker as enigiets, want U Woord sê hulle sal.

339 Nou, Vader, soos ons oor die land kyk, om die wêreld, in Afrika, dosyne, dosyne deur Suid-Afrika, Mosambiek, regoor die land, klein gemeentetjies wat hierdie bande neem. En so sal hierdie band gaan na iets oor die twintig, verskillende volke. Hulle begin Dit sien en wegtrek, honderde en honderde van hulle. Sal nie veel neem nie, Here. Dan wanneer die laaste lidmaat ontvang is in die Liggaam, sal Christus kom.

340 Here God, ek vra die Bruid, vanaand, diegene wat ek voel weggetrek het en wag. Mag hulle hulleself skei van alles in die wêreld. Hulle moet lê in die Teenwoordigheid van die warm Sonlig van die Seun van God, baai in Sy Woord, in Sy liefde. Skenk dit, dierbare God.

341 Mag hierdie mense hier, sigbaar, wat hulle hand opgehou het, vanaand, dosyne van hulle deur hierdie groot tabernakel. Ek bid, God, dat nuwe Lewe in hulle sal inkom. Ek bid dit, vir oor die volk en selfs om die wêreld, waar die band gespeel sal word, dat hulle ook hierdie Dankseggingsboodskap sal ontvang en weet, deur die skimpe en dinge wat gegooi is, wat hulle moet doen. Ek bid, Vader. Skenk dit. Seën hulle. Hulle is Uwe.

342 Ek weet dit is nou gebruiklik, Vader, dat ons die mense na die altaar vra. Ek bid, dierbare God, dat in elke sending, oral rondom, en in oor die wêreld, dat hulle na die altaar sal kom: die swart, die wit, geel, bruin, waar hulle ook al is; die ryk, die arm, die onverskillige, die bedelaars, wat hulle ook al is.

343 Die denominasionele, diegene wat self-gemaak en self-gesentreerd is, O God: "Nakend, ellendig, beklaenswaardig, blind, en dit nie eens weet nie." U het gesê dit sou so wees, en dit is so.

344 So ek bid, Vader, dat U elke Saad sal roep, vanaand. En oral om die wêreld, dat hierdie mag val, mag Dit daardie arendjie vang wat die stem van sy Here ken. Skenk dit, Here. Ek vertrou hulle toe aan U, in Jesus se Naam. Amen.

345 Nou met julle hoofde gebuig, hier in die sigbare gehoor. Sou sommige hier, wat nie gered is nie, nie eens jou hart vir God gegee het nie, dink jy nie jy behoort dankbaar te wees vir wat Jesus vir jou gedoen het nie? Om te dink, dat jy 'n sondaar is, dat jy 'n vreemdeling vir God is, en tog Iets wat aan jou hart klop. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] Hoe weet jy dat jy nie een van daardie arendjies is nie! Jy is ellendig, en sal ellendig wees totdat jy Daaraan oorgee. Hoekom nie hierdie een van die grootste danksegging maak wat jy ooit gehad het nie, wanneer jy Jesus Christus as jou Verlosser aanvaar.

346 Sal jy opkom hiernatoe en by die altaar staan? Ek sal saam met jou bid as jy sal kom, enige sondaar, man of vrou, seun of dogter, kerklidmaat of nie kerklidmaat nie. Kerklidmaat maak jou nie nou 'n Christen nie. Die altaar is oop. Sal jy kom, enige sondaar wat wil kom, die Here Jesus Christus ontvang. Wil regtig ophou . . .

347 Party van julle denominasionele wat wil ophou voed op daardie hoenderkos, van sê: "Jy behoort *hieraan*, en dis reg." Wil julle regtig weet wat die ware doop van die Heilige Gees is? Kom, vind uit.

348 Die altaar is oop. Ons is gereed. Kom net reguit op, uit—uit jou sitplek. Kom reguit op en kniel hier neer by die altaar, hierdie broer wat pas gekom het.

349 "Danksegging, O God, ek is so dankbaar teenoor U. Dat, my hele lewe, ek geweet het daar's iets, Here. Ek was nooit tevrede nie. Ek het probeer. Ek—ek het gedink: 'Volgende jaar, sal ek dit doen. Die volgende week, sal ek dit doen, volgende keer wat ek 'n altaaroproep hoor. Ek sal, eendag.' Ek het dit uitgestel, en dit uitgestel. Maar, Here, ek weet daar is iets verkeerd met my. Ek sal altyd glo dat daar iets anders is. En nou, Here, vanaand, is ek dankbaar vir 'n voorbereiding wat getref is deur die Seun van God, dat my sondes, eintlik my ongeloof, weggewas sou word van my. Ek kom, vanaand, en ek kniel neer om die groot dankseggingseëning te ontvang wat Jesus Christus vir my gedoen het toe Hy gesterf het vir my by Gólgota."

350 Sal julle kom? Nou daar's mense wat kniel om die altaar hier. Hoekom staan jy nie op en kom nie? Jy wou dit doen. Jy het dit probeer.

351 Dink net aan Broer Lyle Palmer, ons goeie, kosbare broer. Hy het gesit in die agterplaas, so verstaan ek, gekyk na sy dogtertjie wat kroukie speel daarbuite, of iets, en hy het omgeval in die stoel en was dood voordat hy selfs 'n beweging kon maak. Jy weet nie watter tyd jy hier gaan vertrek nie. Jy weet net nie watter tyd jy gaan nie. Dit mag nog, vanaand wees, so hoekom nie kom en dit nou afhandel nie?

352 Komaan, mense. Kan jy nie Iets jou voel trek nie? Ek—ek weet daar's baie van julle hier wat net hier by die altaar moet wees, en net hierdie ses of sewe mense hier, is nie wat hierbinne sit nie. Nou, as julle my glo en hier dophou by die platvorm, dinge wat gebeur, glo julle my nou. Eendag sal my stem stilgemaak word. Julle sal dit nie meer hoor nie. Julle mag wens julle het gekom.

353 Jy sê: "Maar, Broer Branham, ek was 'n kerklidmaat." Dit maak nie enige verskil wat jy was nie. So was—so was Nikodémus 'n kerklidmaat. So was Johannes, Petrus, Jakobus, Paulus, al die res van hulle kerklidmate.

354 Paulus was 'n kerklidmaat totdat iets een aand gebeur het, of een dag was dit, en hy gekom het. Hy was 'n veranderde kerklidmaat toe, na 'n seun van God. Wil jy nie kom nie? O, hy was opgelei. Hy was intellektueel. Hy het geweet hy was opgelei. Een van die bes-opgeleide skole wat daar was, Gamaliël, een van die beste onderwysers wat daar in die land was. Maar hy het geweet hy het iets nodig gehad.

355 Wil jy nie kom nie? Nog een keer vra ek jou. Binne waar. . . Hier of om die volk, vra ek julle, waar julle ook al is, in watter gemeente julle is, by hierdie dankseggingsuur. Onthou, ek word hier opgeneem; nie net hier nie, maar in die Hemel.

356 Julle weet, dis wetenskaplik bewys, dat elke beweging wat jy maak opgeneem is. Hulle het dit bewys. Onthou, televisie het dit bewys. Die televisie maak nie—nie die prentjie nie. Julle is die prentjie. Dit saai dit net uit dit wat jy doen, in ’n kanaal. Jy’s daar, in elk geval. Sien? Wanneer jy jou vinger beweeg, gaan daardie beweging om die wêreld. Elke keer as jy ’n rok aantrek, gaan hoe jy lyk om die wêreld. Dis op ’n opname. Elke gedagte wat deur jou gedagte gaan, is op ’n opname. En eendag gaan die opname ophou speel, dit gaan in die album geplaas word.

357 En dan, by die oordeel, gaan dit terugkom. Daar sal jy staan met geknipte hare, aanspraak maak om ’n Christen te wees. Daar staan jy met gedagtes in jou kop teen die Woord, en dis reg in jou gedagte. Jy kan dit nie wegsteek nie. Onthou, televisie, wetenskap weet selfs dat dit waar is. Jy staan net nou, in die wete dat jy hier behoort te wees, onthou, wanneer hierdie opgeneem gaan word, by die Oordeelsdag, sal daardie selfde gedagte wat jy het, weer reguit terug deur jou verstand kom. Dit sal reg op die opname wees. Die hele wêreld sal dit gespeel sien word. Hoekom die wêreld nie . . . Wat na jou kyk, op die Oordeelsdag, al die Engele daar.

358 “As julle skaam is vir My hier, wanneer julle foto nou geneem word, by die Oordeelsdag sal Ek skaam wees vir julle. Want, Ek het My Woord gesalf, Dit vir julle gestuur, julle wou Dit nie glo nie. Julle het julleself agter iets verberg.”

359 “O,” jy sê: “ek’s goed genoeg. Ek het *dit* gedoen. Ek het gedans in die Gees. Ek het in tale gepraat.” So het die heiden ook. “Ek het geskree.” So het die heiden ook. Hoe kan jy dan terugdraai op die Woord?

Waarom nie?
Waarom nie nou na Hom kom?
Waarom nie? Waarom nie?
Waarom nie nou na Hom kom?

Waarom wag jy, dierbare broeder?
O, waarom talm jy so lank?
Jesus wag om jou te red
’n Plek in Sy heilige Tuiste.

Jou een van die lidmate van Sy Liggaam te maak!

Waarom nie?

O, klein arendjie, kom nou.

O, waarom nie kom nie?

360 Here, ek’s dankbaar. Ek is baie dankbaar. Danksegging aan U, Here. Nie vir natuurlike voedsel nie, tog dit. Maar, Here, die endtyd is hier. Ek is dankbaar vir die geestelike Voedsel, Here, die geestelike voedsel van die Sewe Seëls wat belowe is om oopgemaak te word.

Julle sê: “Dit sal iets anders wees.” Nee, nee.

361 Jy kan nie een woord byvoeg nie. En neem. . . Dis alreeds Daarin, net versteek. Dis verseël. Hoeveel verstaan dit? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien?

Julle sê: "Wel, dis 'n verborgenheid wat sal voortkom." O, nee.

362 Dis alreeds Geskryf. Jy kan nie een woord Daarby voeg, of een Woord Daaruit neem nie. Sien? Dis alreeds Daarin. Dit moet net geopenbaar word in die laaste dag.

363 Wil julle nie kom nie? Komaan nou, vriend. As jy nie kan verstaan nie, kom. Kniel neer. Praat met Hom Daaroor. As ek Dit nie kan duidelik maak vir jou nie, sal Hy, want Hy is 'n—'n Oplosser van alle twyfel.

> . . . in Sy geheiligde skaar.
>
> O, waarom wil jy nie kom nie? Waarom nie?
> Waarom nie nou na Hom kom nie?

364 Onthou, daar's 'n opname gemaak hiervan, nie net op hierdie band nie, maar op God se groot opname. Elkeen van julle, elke beweging, wanneer jy jou hoof buig, jou hart buig, watter gedagte deur jou kop gaan, onthou, dit word net nou opgeneem in Heerlikheid, en die opname gaan gespeel word op die Oordeelsdag. Waar is jou besluit? O, hoe jy dit verander sal wil hê, op daardie Dag.

365 Ek gaan net wag, want daar's baie, baie, om die altaar nou. Sien? Miskien een van hulle, as ek net 'n bietjie langer hou, mag daar nog een daarbuite wees, mag iewers wees in New York, mag iewers wees in Filadelfia, buite in Kalifornië, Arizona. Iewers, mag daar nog een kom. Pastoor, waar jy ook al is, moenie nou die altaaroproep opgee nie.

366 Ons mag nooit nog 'n Danksegging sien nie. Hierdie mag die laaste een wees, en opname sal opgeneem word, vanaand, vir die laaste keer. Die band sal uitloop, een van hierdie dae. Die opname sal gesny word, en sal in God se album wees. Dan gaan dit teruggespeel word, wat jou gedagtes nou is. Moenie sê jy het nie anders geweet nie. Jy het. "Maar geen mens kan na My kom, sonder dat My Vader hom getrek het nie. En almal wat die Vader My gegee het, hulle sal kom."

> . . . kom na Hom?

367 Ek glo as ek daarbuite iewers gesit het, en die geringste gedagte gehad het, sou ek beslis hiernatoe kom so vinnig as wat ek kon.

> Waarom nie? Waarom?

368 Is julle klaar? Julle seker julle bedroef nie nou Sy Gees nie? Laat ons nou ons hoofde gebuig hou. Julle seker julle het nie Sy Gees bedroef nie? Julle seker julle het net presies gedoen wat Hy vir julle gesê het om te doen? Julle is nou positief?

Onthou, julle—julle mag nooit weer nog ’n kans kry nie. Die opname mag klaar wees, vanaand. Hierdie mag alles daarvan wees. Hierdie mag die laaste band wees vir julle. Is julle seker julle is nou gereed? Indien so, laat ek dit in julle hande, in die Naam van die Here Jesus.

369 Nou terwyl die koor saggies sing, gaan ek bid vir hierdie wat hieronder is. Ek is net soort van ’n baie snaakse soort van ’n Christen. Ek glo dat God die reddingswerk moet doen. Ek glo dat God die Woord moet plant. “Ek die Here,” het die Bybel gesê, Jesaja: “Ek die Here het dit geplant. Ek sal dit water gee, dag en nag, sodat iemand dit nie uit My hand pluk nie.” Voordat ek enigiemand vra om om die altaar te kom saam met hierdie mense, wil ek self vir hulle bid.

Laat ons nou ons hoofde buig.

370 Dierbare Jesus, ek het pas U Woord aangehaal, wat U profeet gesê het, en ek weet die woorde van die profete is waar. En U het gesê: “Ek die Here het dit geplant.” Wel, sekerlik, U het dit op die Lam se Boek van die Lewe geplaas, voor die grondlegging van die wêreld. “Ek die Here het dit geplant, en Ek sal dit water gee, dag en nag, sodat iemand dit nie uit My hand pluk nie.” Diegene, waarskynlik, Here, het menige altaaroproep gehoor. Maar U gee Dit steeds water, Here.

371 Hier is hulle, vanaand. Mag hulle net losmaak, vanaand, Vader, van al die dinge van die wêreld, al die sondes en probleme wat in hulle hart is, en net verstandig, eerbiedig, in hulle hart, losmaak teenoor U Woord, net nou, sê: “Here Jesus, onderin my hart, het ek altyd geglo dat daar iets was vir my, wat ek nooit ontvang het nie. Hoewel ek probeer het, soos die uitdrukking vanaand gemaak is, om die hen te volg, maar daar was iets wat vreemd geblyk het vir my. Dit het net nie reg geklink nie. Dan, vanaand, voel ek dat ek nou nader kom in die arms van die lewende Woord. Ek kom hier net so eerbiedig, in my regte verstand. Ek het gaan sit hier, by hierdie altaar. Ek wil saligheid hê, Here, so graag. Ek is so honger! Ek wil U hê, Here, om my in U arms te hou, vanaand. Nie deur enige emosie nie, maar deur die Gees van liefde, neem my in U arms, dierbare God.

372 “Ek is U kind. Ek voel dat ek daardie arend is waarvan hulle gepraat het. Vang my, Here. Ek spring. Ek het opgestaan uit my sitplek, en hier neergekniel. Vang my, Here. Ek spring. Bring my op U vlerke, Here, weg van hierdie dinge van die wêreld. Laat my wegvlieg van die gemors van hierdie wêreld, van my slegte gewoonte, van al my denominasionele tradisie. Laat my net na U kom, dierbare God, dat U Heilige Gees die vergifnis van al my twyfel in my kan ingiet. Mag ek, vanaand, U kind word, vars, gebore, en ’n nuwe skepsel vanaand. Vang my. Dra my weg, bo die gekloek van die hen. Dra my weg, na die Arend se nes, waar daar dat ek gevoed kan word deur die Woord van God, totdat ek in staat is om te vlieg.”

373 Skenk dit, dierbare God. Neem hulle. Hulle is Uwe. Hierdie is my gebed met opregtheid, wat bid oor sterwende mense. Skenk dit, Vader. Ek doen hierdie gebed namens hulle. Vir die heerlikheid van God, vra ek dit.

Nou met ons hoofde gebuig.

374 Ek wonder, om die altaar nou, dis julle wat hier gekniel het. Baie van julle het aanspraak gemaak om Christene te wees, maar julle het gevoel dat daar altyd iets was, iewers, wat julle nie besit het nie. Julle mag al die godsdienstige dade gedoen het. Julle mag geskree het. Julle mag alle dinge gedoen het. Mag in die Gees gedans het. Julle mag in tale gepraat het. En niemand kan enigiets daarteen verkeerd sê nie. Dis waar. Dis alles goed. Maar, julle sien, dis *gawes* van die Gees, sonder die Gees. As die Gees daar was, sal daardie gevoel nie veroordeel gevoel het soos daardie nie.

375 Glo julle regtig, opreg, hier by die altaar, glo dat net nou, terwyl julle hier is, dat net die daad om julleself los te maak, nie 'n emosie nou nie, maar in egte, onvervalste geloof, dat God julle sal ontvang en julle voed met Sy Woord totdat julle arende is, self, en kan vlieg? As dit so is, en julle wil hê God moet dit doen, steek jou hand op, julle wat hieronder om die altaar is. God seën julle. Elkeen het hulle hande op.

376 Nou, baie sag, gaan ek toegewyde mans en vroue vra wat God regtig ken.

377 Meeste van hulle, dis baie vreemd, dit lyk asof dit so is, altaaroproepe wat ek maak meestal alles mans is. Julle weet, in 'n gewone verloop, is dit vroue. Maar dit is alles mans hier. Ek dink daar's een vrou by die altaar vanaand, miskien twee. Dis gewoonlik die vroue. Maar, op een of ander manier, ek reken dit lyk asof vroue dink ek praat teen hulle. Ek doen dit nie, suster. Drie, glo ek, iemand gesê het hulle gesien. Kan nie bo—oor die altaar sien nie. Goed.

378 Party van julle toegewyde Christene kom hier en staan saam met my in gebed net 'n minuut. Op die altaar, waar julle ook al is, op die platvorm, iemand wat God regtig ken, net weet hoe om hier te staan net 'n paar minute vir gebed saam met hulle, dan sal ons die gehoor verdaag. Wees almal baie eerbiedig nou. Moenie weggaan nie. Kom net hier en staan rondom.

379 Party van julle mense wat regtig glo Hierdie is die Waarheid, wat ons 'n ander eeu binnegaan. Ons gaan die Wegrapingseeu binne. Julle weet die kerk kan nie gaan in sy toestand nie, en dit kan nie enigsins beter word nie. Dit moet erger word. Hoeveel weet dit? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit moet erger word. En dit kan nie so gaan nie. Sien? Dit moet Iets wees, en Dit beweeg net nou, vriend. Dis-dis-dis aan, die beweging is aan vir die Bruid. Dis die Waarheid. Dis SO SPREEK DIE HERE.

380 Beweeg vorentoe nou, toegewyde Christene wat wil hê julle—julle opname moet dit uitvind, hierdie wat opreg gekom het, dat julle wil kom en gebed doen saam met hulle, as julle broers en susters, kom op om die altaar. Staan hier rondom net ’n oomblik, vir gebed. Iemand anders wil kom, hier rondom staan? Kniel net neer langs hulle. Stap net, waar julle mans om daardie mans; julle vroue. Vra sag, nederig gebed vir hulle.

Dierbare God, help . . .?. . .

381 “Ek gee alles oor. Ek gee my denominasie oor. Ek gee my eerste troue oor. Ek gee my eerste man oor. Ek gee alles oor, Here.”

> . . .-e alles oor.
> Alles aan U, my dierbare Verlosser,
> Ek gee alles oor.
>
> Ek gee alles oor,
> Ek ge- . . .

382 Gee jy jou eie idees oor? Kan jy jou eie idees oorgee, aan God se Woord?

> Alles aan U, my dierbare Verlosser,
> Ek gee alles oor.
>
> Ek gee alles oor,
> Ek gee alles oor.
> Alles aan U, my dierbare Verlosser,
> Ek gee oor.

383 Almal wat nou glo, in die gehoor, staan op. Laat ons dit sing, saam, nou.

> Ek ge- . . .

Gee julle almal oor, gereed om dit nou te sing?

> Ek . . .
> Aan U, my dierbare Verlosser,
> Ek ge- . . .

384 Nou, julle om die altaar, as julle regtig oorgee, steek julle hand op na Hom, sing: “Ek gee alles oor. Ek gee denominasie oor. Ek gee denominasie oor. Ek gee kerk oor. Ek gee myself oor. Ek gee my idee oor. Alles aan U, my dierbare Verlosser, ek gee alles oor. Aan U, my . . . ”

> Ek gee alles oor,
> Ek gee alles oor.
> Alles aan U, my dierbare Verlosser,
> Ek gee alles oor.

Bedoel julle dit regtig?

> Ek gee alles oor,
> [Leë kol op band—Red.]

385 Julle hier nou by die altaar. Julle hier wat om die altaar is, wat gebid het. Die kerk het vir julle gebid. Julle het gebid,

julleself. Nou is daar net een manier wat julle gered kan word, dis: “Deur geloof word julle gered, en dit deur genade.” Die genade van God het met julle gepraat, het julle gebring na die altaar. Julle soek God se seëninge. Julle soek Sy Woord. Julle soek die Heilige Gees. Julle soek die gunste van God. En as julle dit doen, en julle kan, regtig, met julle hele hart, dit oorgee. Nou, moenie soek na enige emosie nie. Soek na ’n Waarheid, ’n Waarheid wat uit jou hart is, deur geloof. “Here, ek is gewillig om enigiets te doen wat U Woord my beveel om te doen. Ek gee myself oor, met alles wat binne-in my is.”

386 As julle dit glo met julle hele hart, wil ek hê julle moet opstaan op julle voete, omdraai na hierdie kerk, die gehoor, en julle hande opsteek, en ons sal dit saam met hulle sing: “Ek gee alles oor wat in my is, God. Na die beste van my wete, alles wat ek is, gee ek oor.”

387 Stap op na hierdie platvorm hier, julle wat by die altaar is. Stap reguit hier op, op die platvorm, broers, reguit hier op, almal van julle, en broers en susters.

Kyk hier, kerk.

388 [’n Suster sê: “Broer Branham, ek behoort aan die kerk, maar die laaste tyd is ek nie—nie eens meer daarin nie.”—Red.] Gee oor? [“Die Here weet waar ek gelei wil word deur Hom. Ek wil . . .?. . . kerk toe. En ek wil die Heilige Gees hê, gevul wees met die Heilige Gees. En ek sal liewer sterf, as dit is wat dit neem.”] Ja. Dis reg. Gee jy elke deeltjie oor aan Hom en Sy Woord?

389 ’n Suster hier, uit ’n denominasie. Sy het gesê: “Ek behoort aan ’n denominasie.” Ons hoef dit nie te noem nie. Sy’s ’n werker daarin. Maar sy het gesê: “Broer Branham, ek wil uitkom na die Waarheid. Ek wil iets dieper as dit hê.” Sien?

390 Laat ek Sy Woord aanhaal. “Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word.”

391 Nou, julle hier op die platvorm, wat pas gekom het, as julle gereed is om alles oor te gee wat julle is, alles, om die Woord van God te gehoorsaam. Niemand het vir julle gesê, hierdie week, wat om te doen nie. Nou, as julle gereed is om net nou aan Hom oor te gee, steek net julle hande op, soos *hierdie*, aan die gehoor. Nou, julle hier op die platvorm, laat ons dit nou saam sing: *Ek Gee Alles Oor*. Almal, saam. Goed.

Ek gee alles oor,

Nou bedoel dit regtig! . . .?. . .

392 Bedoel julle dit regtig? Sê: “Amen.” [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Sê: “Amen,” nog een keer. [“Amen.”] Sê: “Here,” [“Here,”] “deursoek my.” [“deursoek my.”] “Beproef my.” [“Beproef my.”] “En gee my ’n geleentheid.” [“En gee my ’n geleentheid.”] “Hierdie is alles wat ek kan doen, vanaand,”

[“Hierdie is alles wat ek kan doen, vanaand,”] “is om myself vir U te gee.” [“is om myself vir U te gee.”] “U ken die honger van my hart.” [“U ken die honger van my hart.”] “U ken my begeerte.” [“U ken my begeerte.”] “U belofte was om daardie begeerte te vervul.” [“U belofte was om daardie begeerte te vervul.”] “Nou aanvaar ek dit.” [“Nou aanvaar ek dit.”] “En ek gee oor aan U.” [“En ek gee oor aan U.”] Almal saam.

Ek gee alles oor,
Ek gee alles oor.
Alles aan U, my dierbare Verlosser,
Ek gee alles oor.

*Die Onsigbare Vereniging Van Die Bruid Van Christus* AFR65-1125
(The Invisible Union Of The Bride Of Christ)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Dankseggingsdag, Donderdagaand, 25 November 1965, by die Life Tabernakel in Shreveport, Louisiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
P.O. BOX 178, SOMERSET WEST, 7129 CAPE PROVINCE,
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org